# H O O F S T U K   VII.

## ONDERWYSTEGNIEK EN ONDERWYSMETODE.

### 1. INLEIDING.

Die opvoeding en onderwys word deur 'n geweldige uitbreiding op die gebied van tegniek en metode gekenmerk. „Tegniek" is 'n term wat deurgaans in verband met die uitoefening van die een of die ander kuns gebruik word. Die tegnieke van lesgee is eintlik middele wat die metodes van lesgee tot suksesvolle voltooiing voer. Die tegnieke van lesgee is dus 'n besondere prosedure. Die woord „metode" word in die praktiese opvoedkunde in 'n wyer sin gebruik as die woord „tegniek". Die metode van lesgee beteken die algemene prosedure wat toegepas word, bv. vertelling, selfstudie, ens.

Cilliè se onderwystegnieke en onderwysmetode word onder die volgende hoofde bespreek: Voertaal, Dubbelmedium en Enkelmediumskole. Formulering van sy standpunt rè die voertaal. Die taalstryd weer aangeknoop. Skooltug. Eksamens. Inspeksies. Huiswerk. Onderwysmetodes en 'n samevatting en gevolgtrekkings.

### 2. VOERTAAL.

(a) Geskiedkundig.

(i) Reeds sedert 1822 het die owerheid in die Kaapkolonie pogings aangewend om die Hollandssprekende Afrikaner te denasionaliseer en te angliseer. Hollands is behandel as 'n vreemde taal ofskoon dit die taal van die oorgrote meerderheid van die volk was. Waar dit onderwys is, het dit meestal

deur die medium van Engels geskied (1).

Sedert 1882 kon ouers kies deur watter taal hulle hul kinders wou laat leer maar al die eksamens is alleen deur middel van die Engelse taal afgeneem, Hollands inkluis. In die Skool Elementêre Eksamen wat in die jaar 1876 ingestel is, was Hollands nie eers een van die vakke nie. Geen regeringsman, amptenaar of skoolinspekteur het hom oor die taal van die Hollandssprekende Afrikaner bekommer nie.

(ii) Toe Cilliė skool gegaan het in die jare 1878-1885 was die skoolkinders almal onder die indruk dat die een ding waarvoor hulle op skool was, was om Engels te leer. Sy ouers het aan die onderwysers gesê, toe hy vir die eerste keer skool toe is, om hom Engels te leer (2).

(iii) Die reaksie teen hierdie proses van denasionalisasie en verengelsing deur middel van die skool het begin toe hy vyf jaar oud was (3).

Die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners, die besluit van die Sinode van 1880 om aan Hollands in die skool dieselfde regte toe te staan as aan Engels en die besluit van die Parlement van 1882 om die keuse van die voertaal van die skool aan die ouers oor te laat, wat 'n dooie letter gebly het, is goed bekend. Net maar

(1) Die Volksblad 14/12/43. Artikel van Cilliė.
Kuyler, H.A. : Notas van Cilliė 1996.

(2) Die Burger 29/9/43. Artikel van Cilliė.

(3) Die Genootskap van Regte Afrikaners.

diegene wat self aan die stryd deelgeneem het en aan die eie lyf die veragting van die Afrikaner en sy taal ondervind het, kon weet hoe fel en wreed die teëstand was, veral in die begin van die 20ste eeu.

(iv) In die begin van die 20ste eeu, nl. 1902, het die C.N.O.-beweging in die Transvaal ontstaan en in 1905 is in Kaapland die S.A.O.U. gestig om die regte van die Afrikaanssprekende kind en daarna van die Afrikaanssprekende deel van die volk te beskerm (1).

(v) In 1906-1907 was Cillié teen Afrikaans as voertaal op skool maar ten gunste van Nederlands as medium van onderrig (2). In 1917 het hy van sienswyse verander toe hy Afrikaans naas Nederlands as amptelike taal aangeneem het. Hy het toe by die outoriteite op die erkenning van Afrikaans as taal en as voertaal op skool tot by Matriek aangedring (3).

(vi) Die S.A.O.U. het reeds in 1906 dit as sy leuse neergelê dat as 'nmens 'n kind wil opvoed, d.w.s. sy verstand wil ontwikkel en hom wil help om kennis op te doen, hom wil help om sy gemoed reg te vorm, sodat hy in die woorde van Plato sal liefhê wat hy behoort lief te hê en sal haat wat hy behoort te haat, hy dit alleen kan doen

(1) Die Burger 29/9/43 Artikel van Cillié.

(2) Pienaar, E.C. : Die Triomf van Afrikaans bls. 308.

(3) Pienaar, E.C. : Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging bls. 94 en 111.
de Waal, J.H.H. : My Herinnerings van ons Taalstryd, bls. 221.
Nieaber, P. & Nieaber G. : Die Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging bls. 142 en 165.

deur middel van sy moedertaal Die moedertaal is derhalwe die fondament en die sluitsteen van elle onderwys en opvoeding en al die ander skoolwerk en opvoedingswerk moet hom rondom die moedertaal groepeer (1).

(vii) Die taalordonnansie van Desember 1912 het verpligte moedertaalonderwys in die Kaap-Kolonie tot en met std. IV bepaal. Die Ordonnansie het 'n speelruimte van drie jaar gelaat om in werking gestel te word. By die opstel van die wet van 1912 is nie bepaal wie die wet moes uitvoer nie, met die gevolg dat aan outoriteitswe" geen verantwoordelikheid vir die uitvoering daarvan geneem is nie (2). Na die speelruimte van drie jaar verstreke was, is deur 'n kommissie gevind dat, weens 'n onsimpatieke onderwysdepartement en skoolinspekteurs, aan studente in opleidingskole en publieke skole geen geleenthede en fasiliteite gegee is om les deur medium Hollands te gee nie. Die verslag van die kommissie was 'n heftige en gegronde aanklag teen die Onderwysdepartement oor sy verwaarlosing van die Hollandssprekende deel van die volk (3).

(viii) Die wet van 1921 gee aan ouers die reg om te eis dat die tweede taal geleidelik ingevoer sal word en daarna gereeld gebruik sal word as voertaal. As derhalwe in 'n skool gevind word dat kinders in stds. IV, V en VI onderwys ontvang deur die taal

(1) Die Burger 29/9/43. Artikel van Cilliè.
(2) " " 4/11/20. " " "
(3) " " 29/9/43. " " "

wat nie hul huistaal is nie, moet daar-rekening met die moontlikheid gehou word dat die ouers van sodanige kinders die versoek kon gedoen het dat hul kinders gereeld deur die vreemde medium onderrig sal ontvang. Cillié is egter byna heeltemal seker dat dit in die Kaapse Skiereiland nie die geval was nie, want in die loop van die ondersoek in 1926-1927 het die Adviserende Komitee nie een enkele geval gekry waar 'n ouer die versoek gedoen het nie. Cillié het onder die indruk gekom dat die meeste ouers van hierdie reg nie geweet het nie en dat die wat daarvan geweet het daar om een of ander rede geen gebruik van gemaak het nie.

(ix) Die tweede punt in die gekonsolideerde onderwyswet van 1921, wat die vernaamste moeilikheid veroorsaak het en wat die rede vir baie ongerymdhede was, is vervat in Artikel 300 van Ordonnansie No. 5 van 1921. Voormelde Artikel het bepaal dat in gevalle waar die leerling albei tale ewe goed geken het en daar het twyfel bestaan oor watter taal die huistaal van die leerling was, die beslissing van die ouer finaal was en sodanige beslissing sou behoorlik aangeteken word. Volgens hierdie bepaling kon die onderwyser en die inspekteur en selfs die Superintendent-Generaal van Onderwys nie 'n leerling in 'n Afrikaansmediumskool geen plaas as die ouer verklaar het dat die kind Engelssprekend was nie. Dit het al meer en meer duidelik geword dat dit die plek was waar die verbreking van die beginsel van moedertaal vandaan gekom het. Cillié het geen enkele geval teëgekom waar Engelssprekende ouers opgegee

het dat hul kinders Hollandssprekend was nie, maar baie gevalle waar Hollandssprekende ouers verklaar het dat hul kinders Engelssprekend was.

Afrikaanssprekende ouers het selfs hul kinders verbied om Afrikaans teenoor die Hoof van 'n skool te besig maar wel Engels as hulle deur die Hoof oor hul huistaal uitgevra is. Sommige Afrikaanssprekende ouers het Engelse goewernante gekry of hul kinders na 'n kloosterskool gestuur om 'n bietjie Engels op te tel, liewer as wat hulle onderrig deur medium Afrikaans moes ontvang. Toe moes ouers 'n verklaring maak en kon nog 'n verkeerde verklaring maak (1).

Cilliè is van mening dat die ouers die huistaal moes vasgestel het, deur 'n voorgeskrewe formulier in te vul. Die verklaring moes deur die hoofonderwyser getoets en gekontroleer word. Waar daar verskil was tussen die ouer en die onderwyser oor die vraag watter taal die leerling die beste verstaan en gepraat het, moes die beslissing aan die Departement oorgelaat word. Die inspekteur moes toesien dat die verklaring van die ouers behoorlik gekontroleer was (2).

Wanneer die medium van onderwys aan die ouerlike keuse oorgelaat is, sou dit beteken dat 'n aantal Afrikaanssprekende ouers die belange van hul kinders sou verwaarloos. Geen Engelse ouer sou die Afrikaanse medium kies nie (3).

(1) Die Burger 18/4/29. Artikel van Cilliè.
(2) Die Unie 1/2/28 bls. 210. " " "
(3) Die Unie 1/6/28 bls. 333. " " "

Baie ouers het gereken dat Afrikaans minderwaardig was en dat 'n mens se waarde en sosiale status van sy kennis van Engels en sy Engelse aksent afgehang het (1).

Cilliè het dit goedgekeur dat ouers betyds daarteen gewaarsku moes word dat, aangesien die kinders deur Afrikaans geleer is en aangesien hulle nie meer deur strawwe gedwing is om Engels te praat nie, daar gevaar kon wees dat hulle in Engels minder bedrewe sou wees as vroeër. Om te beweer dat Engelse kinders makliker tweetalig sou word as Afrikaanse kinders was tog seker verkeerd (2).

Die een deel van die bevolking van Kaapland wou gedwonge moedertaalmedium hê en het geëis dat Artikel 300 van die Ordonnansie verander moes word, sodat die onderwyser en die Onderwysdepartement en nie die ouers nie moes beslis wat die kind se huistaal was. As die ouer ontevrede met die onderwyser se beslissing was, moes die ouer appelleer na die Onderwysdepartement, of as dit nie wou slaag nie, moes die ouer 'n beëdigde verklaring oor die huistaal van die kind aflê. Die ander deel van die bevolking van Kaapland wou die keuse aan die ouers oorlaat nadat die kinders std. VI afgelê het (3).

Daar is vandag nog persone wat hulself opvoedkundiges noem, wat beweer dat 'n mens 'n vreemde taal die beste aanleer as jy dit as 'n

(1) Die Burger 18/4/29. Artikel van Cilliè.
(2) Die Unie 1/10/21 bls. 85. " " "
(3) Die Burger 18/4/29. " " "

medium gebruik. Sover Cilliè weet, word hierdie beginsel in geen enkele land toegepas nie behalwe in Argentinië waar onderwysers wat voorberei word om 'n vreemde taal te gaan onderwys al hul onderrig in ander leervakke deur die vreemde tale ontvang (1). In Suid-Afrika word hierdie beginsel nie by die Engelssprekende medeburgers se kinders toegepas nie. Die Onderwys-departement huldig egter nog die beginsel dat 'n leerling die Engelse taal aanleer deur dit as medium te gebruik.

Niemand weet presies hoeveel 'n mens van 'n taal leer deur dit as 'n medium te gebruik nie omdat in al die honderd en meer jare geen wetenskaplike proefneming uitgevoer is nie. Van outoriteitsweë is al meer as honderd jaar gesukkel om mense te verengels en daarin is nie geslaag nie; nou is die poging tot verengelsing laat vaar en 'n tweetalige nasie moet gemaak word. Hoe dit gedoen moet word, daaroor is daar verskil (2).

(b) <u>TWEETALIGHEID</u>.

(i) 'n Agitasie is op tou gesit dat vanaf 1944 die tweetalige skool tot stand moet kom, d.w.s. 'n soort twee-talemedium om sodoende die een deel van die bevolking se kinders te red van eentalig te word. Eentalige hooggeplaatste persone is bekommerd dat die plattelandertjies nie tweetalig is nie maar dat die stedelike Engelsprekende kinders eentalig is, daaroor is geen kommer nie.

(1) Die Burger 18/4/29 en 17/2/16. Artikels van C.

(2) Die Burger 6/8/37. Artikel van Cilliè.

Nou word skole met Afrikaans as voertaal beskuldig dat hulle hierdie vermeende eentaligheid bewerkstellig. As Cillié bedink dat van die ongeveer 160 hoërskole in Kaapland daar skaars 'n dosyn is met uitsluitlik Afrikaans as voertaal en dat hulle almal in die laaste 20 jaar gestig is, is dit baie duidelik hoe waardeloos so 'n beskuldiging is (1).

In al die tyd wat hy as Afrikaanssprekende vir die regte van Suid-Afrika se kinders geywer het, het hy nooit een enkele woord teen die regte van die Engelse seksie gesê nie en niks gedoen om hul regte aan te tas nie.

(ii) Daar is hooggeplaatste mense in Suid-Afrika en selfs mense wat deurgaan vir opvoedkundiges wat die mening toegedaan is dat die hoofdoel van die skoolonderwys moet wees om die kinders tweetalig te maak. 'n Mens sou graag aan die mense wil vra om die mens in die hele wye wêreld te gaan haal wat in die skool geleer het om 'n vreemde taal te praat (2). Verder sou 'n mens aan hulle wil vra waar in die wêreld opvoedkundiges by die onderwys van die een of die ander leervak (behalwe van die vreemde taal self) 'n vreemde taal gebruik met die doel dat die leerling die vreemde taal op die manier moet aanleer.

(iii) Cillié is van mening dat die kinders van die platteland nog baie meer tweetalig is as die Engelssprekende kinders van die groot stede.

(1) Die Burger 28/9/43. Artikel van Cillié.

(2) Die Unie 1/7/38 bls. 2. " " "

As 'n mens die hele agitasie teen die enkel-mediumskool ten gunste van die dubbelmediumskool onder die oë sien, kan 'n mens nie tot 'n ander gevolgtrekking kom nie as dat dit hoegenaamd nie sy ontstaan te danke het aan die vrees dat die Afrikaanssprekende kinders besig is om eentalig te word nie maar aan die feit dat die Afrikaans-sprekende deel van die nasie mondig geword het, homself wil wees en geen vreemde gode meer wil dien nie.

Die nasie wil duidelik laat verstaan dat hy die tweede landstaal nog altyd sal leer, maar dat dit by hom sal wees die "tweede" en dat hy vir sy regte en vir die voortbestaan van die enkel-mediumskool met Afrikaans as voertaal baie hard sal veg (1).

Cilliė is ten gunste daarvan dat tweetalig-heid bevorder word maar nie deur die opoffering van die moedertaal as medium by die onderrig nie (2).

In die verlede is die ekonomiese sy insake taalonderwys beklemtoon en die sedelike sy is vergeet. As tweetaligheid op die skool afbreek doen aan die sedelike opbou van 'n volk, moet dit laat vaar word (3).

Onderwysers het probeer om die kinders in Engels in plaas van in hul moedertaal te laat begin, sodat hulle diksels die kinders hul eie moedertaal deur vreemde medium geleer het en

(1) Die Burger 30/9/43 en 15/12/43. Artikels van C.

(2) Die Unie 1/3/45 bls. 166. Artikel van Cilliė.
Die Volksblad 14/12/43. Artikel van Cilliė.

(3) Die Unie 1/10/21 bls. 85. " " "
Die Burger 11/12/19. " " "

deur hulle te dwing om Engels te praat, die Afrikaanse kind in Engels probeer perfek maak het. Dit was 'n onbereikbare ideaal en die hele affêre het op 'n aaklige mislukking uitgeloop. Dit het gelei tot die afskuwelike gewoonte wat byna immoraliteit kan genoem word om die twee tale deurmekaar te haspel.

Die man wat eis of verwag dat die leerlinge in std. VI suiwer tweetalig moet wees, sodat hulle vir hulself in albei tale deur die lewe kan help, is besig om homself en andere te bedrieg. Cilliė wil hê dat die twee tale albei op die laerskool onderwys sal word, sodat die middelbare skool verder op die kennis kan bou (1).

Dat kinders die eerste paar jaar van hul skoollewe net hul moedertaal geleer moet word en eers later met die tweede taal moet begin, is syns insiens onuitvoerbaar. Dit is in die ou dae reeds probeer, met die gevolg dat die tweede taal nooit aangeleer is nie (2).

Die pleidooie vir die studie van Nederlands op die skole berus op niks anders as sentiment nie. Cilliė het geen wetenskaplike bewys dat die studie van Nederlands op die skole 'n invloed op die gebruik van minder anglisismes sal hê nie of dat die Afrikaanse taal-skat daardeur sal uitbrei of dat die kultuur sal verryk word nie. Dit is alles aprioristiese redenerings. Een uit elke duisend mense laat die

(1) Die Unie 1/12/21 bls. 142. Artikel van Cilliė.
(2) Die Burger 6/8/37. " " "

taal wat hy op skool leer, invloed op sy taal buite die skool uitoefen nadat hy ses of tien of twaalf jaar die skool verlaat het (1).

(c) <u>Dubbelmedium - en Enkelmediumskole.</u>

(i) Dit staan Cillié nie aan dat daar skole met parallelklasse of met dubbelmedium opgerig word nie. Die gewenste beleid is soos hy reeds in 1921 neergelê het en in 1926 deur die Onderwysdepartement bekragtig is, dat aparte skole vir die twee taalgroepe die beste is. Hierdie beleid is reeds in die groot stede en in sommige dorpe van die Kaap-Kolonie toegepas (2).

Die skoolkinders moet volgens hul taalmedium in die skool geskei word. Daar kan maar gerus van parallele klasse gepraat word maar wie die parallele klasstelsel ken, weet maar al te goed dat vir sekere onderwerpe die klasse maar weer saamgeneem word en dan is die medium van die klas wat so saamgegooi word, byna sonder uitsondering Engels. Die lydende party is altyd weer die Afrikaanssprekende kind. Die enigste waarborg vir die eerlike behandeling van albei seksies van die bevolking is aparte skole. Die resultaat van al die honderde en meer jaar toe die twee seksies op dieselfde skool saam opgevoed is om hulle sodoende nader aan mekaar te bring, is 'n aansienlike aantal Afrikaanse proseliete wat verengels is en in die geskiedenis van Suid-Afrika geen rol meer speel nie. Cillié

(1) Die Unie 1/9/27 bls. 58. Artikel van Cillié.

(2) Die Unie 1/1/38 bls. 269. " " "

weet van geen toenadering aan die kant van die Engelse medeburgers nie (1).

Wanneer die taalmediumkwessie deur aparte skole opgelos word, lewer die klein minderhede wat orals versprei is, die grootste moeilikhede. Hoe dit te verander, weet niemand nie. Dit geld nie alleen klein minderhede Afrikaanssprekende kinders in die groot stede nie maar ook Engelssprekende minderhede op die plattelandse dorpe. Op die platteland waar die meeste onderwysers tweetalig is, word meestal albei tale in dieselfde klas gebruik (2).

(ii) Daar is praktiese besware teen die aparte skole, bv. die beswaar van te veel koste; daarom sou Cilliė nie deur die hele land die aparte skole wil hê nie. In die groter sentra moet dit eenvoudig gebeur, as daar vrede in die land moet wees (3).

(iii) Die geroep na aparte skole vir die twee taalgroepe in die groot stede het al sterker geword. Toe dr. W. Viljoen Superintendent-Generaal van Kaapland geword het, is Afrikaans in die skole toegelaat. Nie net aparte skole het ontstaan nie, maar handboeke is geskryf. Die gees en rigting, soos prof. J. Chris. Coetzee vir Cilliė geleer het om te sê, van die skole op die platteland het Afrikaans geword. Dit het die Afrikaanssprekende Afrikaner nasiebewus en kultuurbewus gemaak (4).

(1) Die Burger 23/9/20. Artikel van Cilliė.

(2) Die Burger 18/4/29. " " "
Die Unie 1/2/41 bls. 235. Artikel van Cilliė.

(3) Die Burger 23/9/20. " " "
Die Unie 1/7/38 bls. 2. " " "

(4) Die Burger 30/9/43 en 15/12/43. " " "

Cilliė se beswaar teen die instelling van die dubbelmedium en parallel-klasse is dat daar nog nie ver genoeg met die aparte medium-skole gevorder is nie, om nou al daaroor 'n mening uit te spreek. Die leerlinge wat in daardie soort skole opgelei en opgevoed is, speel nog nie 'n leidende rol in die samelewing nie omdat hulle nog te jonk is.

Wat die werksaamhede en die atmosfeer in die skole met Afrikaansmedium betref, vir sover as Cilliė hulle gesien het, moet hy erken dat hulle baie weldadig aandoen en dat 'n mens in so 'n atmosfeer gewis „mense" kan opvoed (1).

(iv) Onderrig deur die moedertaal is veel aangenamer, doeltreffender, makliker en mensliker as deur 'n vreemde taal. Al word dit nou gesê dat leerlinge wat deur Afrikaans leer, nie so goed Engels ken soos Cilliė vanmelewe deur „Engels geleer het nie" het die mense wat so sê, daar geen stukkie bewys voor nie. Hulle oordeel volgens subjektiewe indrukke. „Al sou die leerlinge nou al 'n bietjie meer Engels deelagtig word as hulle dit as voertaal by ander vakke gebruik, verloor hulle soveel by die aanleer van die vakke dat die bietjie Engels dit nie vergoed nie," het 'n vername Engelse inspekteur van skole eenmaal verklaar (2).

Cilliė wil die moedertaalskool hê en nie daardie halfslagtige ding wat kunsmatig van die kinders mense wil maak sonder ruggraat, selfrespek

(1) Die Unie 1/1/38 bls. 269. Artikel van Cilliė.

(2) Die Burger 18/4/29. " " "

en nasietrots nie. Hy wil die Christelike en Nasionale skool hê - die skool waar die kinders hul onderwys en opvoeding deur middel van hul moedertaal ontvang (1).

Cilliè se beleid vir 'n volle burgerskap is dat 'n mens altwee landstale moet ken. Omtrent niemand praat die tweede taal net so goed soos sy moedertaal nie. Die algemene opvatting vandag is dat 'n enkelmediumskool 'n Afrikaansmedium-skool is. Daar is geen land ter wêreld wat 'n dubbelmedium gebruik nie. Kinders het nog nooit Engels deur medium van Afrikaans geleer nie. Vyftig jaar is die Engelsmedium probeer maar tussen die twee volkselemente is geen liefde tot mekaar bewerkstellig nie. Die Afrikaanssprekende is Christelik en te goed opgevoed om rassehaat te openbaar. Dit is nie die huidige skoolstelsel wat die twee elemente skei nie maar die buitelandse politiek (2).

## 3. FORMULERING VAN STANDPUNT Rè MEDIUM.

(i) Cilliè wil graag sy standpunt t.o.v. taalonderwys as volg formuleer: Waar daar aan die beginsel van taalmedium in sy wyere betekenis opgevat, nie uitvoering gegee word nie en die kind stelselmatig van sy taal en tradisies vervreemd word soos onteenseglik die geval vandag is, veral in die groot Engelssprekende stede en dorpe, beveel Cilliè as enigste oplossing aan, die skeiding van Afrikaanse en Engelsprekende kinders in aparte

(1) Die Burger 15/12/43. Artikel van Cilliè.
(2) Die Burger 14/3/44. " " "

inrigtings. Waar dit absoluut noodsaaklik is om 'n vreemde medium te gebruik, mag dit in geen geval voor std. VII gebeur nie. Daar is, wat die gebruik van die moedertaal as voertaal betref, geen prinsipiële verskil tussen die laerskool en die hoërskool en selfs die universiteit nie (1).

'n Kind kan alleen behoorlik voordeel trek uit sy onderwys as hy dit ontvang deur middel van sy moedertaal, d.i. die taal wat hy die beste verstaan en praat. Waar hierdie beginsel om sogenaamde praktiese redes, soos finansiële redes of deur gebrek aan personeel, nie toegepas word nie, word gesondig teen die eerste opvoedkundige beginsel, nl. dat die kind moet verstaan wat hy leer. Die gebruik van die moedertaal as medium is noodsaaklik nie alleen om suiwer opvoedkundige redes nie, maar ook omdat die wyere kulturele belange van die kind daarmee gemoeid is. Aan hierdie grondbeginsel in sy ruimste betekenis kan in Suid-Afrikaanse skole by die onderwys uitvoering gegee word deur verskillende vorms van skoolorganisasie na gelang van omstandighede. Alles hang af van die gees waarmee die skoolouoriteite en personeel besiel is.

Cilliè kan nie sterk genoeg protesteer teen die beginsel om Engels en Afrikaans of Hollands om die beurt vanaf die sub-standerds as medium te gebruik nie. Hierdeur sou 'n brabbeltaal ontstaan (2).

(1) Die Unie 1/2/28 bls. 174. Artikel van Cilliè.
Pienaar, E.C. : Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging bls. 90.

(2) Die Unie 1/1/12 bls. 230. Artikel van Cilliè.

(ii) Wat die medium in die Universiteitskollege betref, is Cilliè daarvoor dat selfs die wetenskappe en filosofie deur die moedertaal as medium onderrig moet word (1).

(e) <u>DIE TAALSTRYD WEER AANGEKNOOP</u>.

(i) Die stryd was gewonne - so het Cilliè gemeen maar toe een van die politieke partye die dubbelmediumskool in 1943 sy strydkreet by die Provinsiale Raadsverkiesing gemaak het en daar selfs 'n boekie ten gunste van die soort skool uitgegee is, en as gevolg van die 50-50 beleid rè medium in Bloemfontein, het Cilliè se onverskilligheid in 'n mate van besorgdheid vir Suid-Afrika se erfenis oorgegaan (2).

(ii) Die Eerste Minister, Generaal Smuts, het verklaar dat dit moeilik was om in die gemengde skool waar albei groepe bymekaar was, reg aan die godsdiens te laat wedervaar. Die vraag is of opvoeders nou so ver sal gaan as om die opkomende geslag se godsdiens te gaan opoffer aan 'n gewaande voordeel wat hy vir sy tweetaligheid sal behaal. As tweetaligheid in Suid-Afrika die maatstaf vir 'n man se grootheid gemaak word, was daar in Suid-Afrika nog nooit 'n groot Engelsman nie.

(iii) Cilliè weet net so goed as enige ander mens in die land hoe noodsaaklik dit is dat leerlinge albei landstale moet ken en hy glo nie dat daar

(1) Die Unie 1/1/12 bls. 230. Artikel van Cilliè.
(2) Volksblad 14/12/43.

in die land meer as een persent Afrikaanssprekende leerlinge is wat by die Eindeksamen van die hoër-skool nie Engels as vak neem nie. As die Afrikaanssprekende die Afrikaanse karakter van sy skole moet prysgee vir tweetaligheid as sodanig beskou Cilliė die prys as te duur (1).

(iv) Na aanleiding van 'n bewering van dr. E.G. Malherbe se boekie, „The Bilingual School: A study of Bilingualism in South Africa" van 1943, nl. dat alle kinders, ook die stadige leerders, beter en gouer leer as hulle deur albei media leer, konstateer Cilliė dat dit 'n ontdekking is wat seker nog net dr. Malherbe en die Administrateur van Suid-Wes-Afrika gedoen het. Verder het Malherbe uitgevind „from data in hundreds of schools throughout the Union" (2), dat in die Afrikaansmediumskole die „prejudices" en die „Antipathies" teenoor die Engelssprekendes meer aangewakker en gevoed word as in die Engelsmediumskole. Die ergste word dit gedoen in die Afrikaansmedium-skole in die stede en veral in die Normaalskole in Heidelberg en Potchefstroom en die minste „in the unilingual English medium Normal College in Johannesburg. Pretoria was more or less average" (3).

Hierdie aanblaas en ontwikkeling van die „prejudices and antipathies" word al erger hoe hoër die kinders leer, sodat hulle „reach a climax in Standard X." As 'n mens nou dink dat daar in die hele Kaapland nog geen tien „Unilingual" Afrikaanse skole is waar kinders tot std. X leer

(1) Die Unie 1/11/43 bls. 94 en 1/9/32 bls. 82. Artikels van Cilliė.

(2) Malherbe, E.G. : A Study of Bilingualism in South Africa. The Bilingual School.

(3) Malherbe, E.G. : The Bilingual School.

nie, dat daar in die Vrystaat net twee is en glo een of twee in Natal, wonder 'n mens waar die minstens honderd in die tagtig ander sodanige skole is om die „hundreds" vol te maak (1).

(v) Dr. Malherbe beweer in sy boekie dat leerlinge in die tweetalige skole in wat vir hulle die tweede taal is, beter onderleg is as leerlinge in die eentalige skool; dat leerlinge in die tweetalige skool 'n weinig in hul moedertaal ten agter staan by die leerlinge in die eentalige skool maar dat die vordering in die tweede taal ruimskoots daarvoor vergoed; dat leerlinge in die tweetalige skool ook wat betref die inhoud van die leerstof beter vorder as leerlinge in die eentalige skool - en dit geld nie net vir die skrander leerlinge nie maar ook vir die dommes; dat leerlinge in die tweetalige skool minder antipatie en vooroordeel teenoor die ander seksie koester as leerlinge in die eentalige skool en dat hierdie gevoel van antipatie en vooroordeel die sterkste in eentalige skole in die groot stede is maar sy hoogtepunt in die Normaalkolleges op Heidelberg en Potchefstroom in die Transvaal bereik (2).

Op grond van hierdie bevindings pleit Kolonel Malherbe sonder enige voorbehoud vir die tweetalige skool. Volgens die skrywer van die tweetalige skool kan 'n mens alleen 'n goeie, opgevoede en nuttige burger van Suid-Afrika wees as hy tweetalig is, anders kan hy hom nie in 'n tweetalige land ten volle uitlewe en aan die

(1) Die Unie 1/11/43 bls. 97. Artikel van Cilliè.

(2) Malherbe, E.G. en Haarhoff, T. : The Bilingual School.
Die Unie 1/4/44 bls. 194.

maatskappy diensbaar maak nie. As 'n mens nou tweetaligheid die maatstaf van opgevoedheid en volbloed burgerskap in Suid-Afrika maak, kon hy mos nie anders as om te vra hoeveel Engelssprekende Suid-Afrikaners wat hier gelewe en gesterwe het sedert die „First Occupation of the Cape in 1806" waarlik opgevoed was en is en hoeveel daar nog vandag is wat sal moet deurgaan vir onopgevoed en vir halfbloed burgers van Suid-Afrika (1).

(1) In Kaapland het dr. Malherbe 3,933 leerlinge getoets in die Transvaal 12,684, in Natal 2,206 en in die Vrystaat nul, altesaam 18,773. Nieteenstaande voorgenoemde syfers is hierdie ondersoek van Malherbe deur vooraanstaande, gesaghebbendes op die gebied van tweetaligheid bestempel as verreweg die omvattendste en deeglikste ondersoek i.v.m. tweetaligheid wat nog dusver onderneem is, sê die skrywer. As 'n mens maar net getalle neem, nl. 3,933 leerlinge in Kaapland se skole in sewe groepe (van stds. IV tot X) verdeel, en 'n mens vra homself af hoeveel leerlinge daar in Kaapland se skole in stds. IV, V en VI is, wat deur albei voertale onderwys ontvang, kom die vraag onwillekeurig by 'n mens op of daar, bv. genoeg proefpersone van std. IV was om die gevolgtrekking te maak wat kolonel Malherbe maak en of die woorde „deeglik" en „omvattendste" nog van toepassing is (2).

(1) Die Unie 1/11/43 bls. 97. Artikel van Cilliė.
Die Unie 1/12/43 bls. 114. " " "

(2) Ibid.

(vii) 'n Ander feit wat uit die ondersoek geblyk het, is dat sommige studente aan die Normaalkolleges in die Transvaal nog nie eers die bekwaamheid in die tweede taal van 'n std. VI-leerling bereik het nie en dit nogal sutdente wat die taal by die skooleindeksamen aangebied en daarin geslaag het. Dit is 'n baie ernstige aanklag teen die Onderwysdepartement wat die eksamens afneem en die eksaminatore wat sodanige kandidate laat slaag. Dit is een van die merkwaardigste ontdekkings op onderwysgebied dat selfs „dom" kinders beter leer deur middel van twee tale as deur middel van een (1).

(viii) Nadat Kolonel Malherbe vir die tweetalige skool op grond daarvan dat die leerlinge daar makliker en effektiewer leer en beter tweetalig word, gepleit het, sê hy dat dit egter nie genoeg is nie, want die skool moet sy deel bydra om van die bevolking van Suid-Afrika een nasie te maak. Hy het bv. in 'n bekende Afrikaansmediumskool in een van die groot stede gevind dat bedrewenheid in Engels gepaard kan gaan met sterk antipatie en vooroordeel teenoor die Engelse seksie. Die bedrewenheid in Engels skryf hy egter daaraan toe dat die leerlinge van die betrokke skole buite die skool met Engelssprekende kinders en grootmense in aanraking kom. Vir die onbevange leser lyk dit asof hierdie verskynsel die argument ten gunste van die tweetalige skool as smeltkroes om van die twee seksies een te maak, die bodem inslaan. Kennis van die tweede taal en noue

(1) Die Unie 1/12/43 bls. 114. Artikel van Cilliė.

aanraking met mekaar verbeter dus nie die gevoel van verdraagsaamheid en toegeneentheid nie. As 'n Afrikaanssprekende leerling wat enigsins perloonlikheid en selfrespek het, in 'n Engelse omgewing kom, of omgekeerd, as dit met 'n Engelssprekende leerling gebeur, kom hulle gewoonlik met 'n baie sterker anti-gevoel teenoor die ander seksie terug. Daar is natuurlik die minder beginselvaste Afrikaners wat die metamorfose van verengelsing ondergaan het en nog steeds ondergaan (1).

(ix) Die Afrikaanssprekende seksie het nog nooit die Engelssprekende seksie probeer verafrikaans nie. As dit moet bewerkstellig word op die manier wat Kol. Malherbe dit voorstel, nl. om die twee seksies op 'n kunsmatige manier bymekaar te dwing, om op die wyse mekaar se taal te leer en mekaar te leer lief kry, is dit so onverstandig en onsielkundig dat 'n mens hom daaroor verbaas. Die Afrikaanssprekende is nie isolasioniste nie maar die Engelssprekendes kan gerus van hul kant probeer om met die Afrikaanssprekendes saam te werk (2).

Cilliè glo in die onderwys van die volk deur die taal van die volk d.i. in 'n troue, onvervalste moedertaalmediumonderwys as die enigste opvoedkundige saligmakende geloof (3). Cilliè sal nie deur die feit dat die medium-kwessie 'n saak van praktiese politiek geword het, afwyk

(1) Die Unie 1/12/43 bls. 114. Artikel van Cilliè.

(2) Ibid.

(3) Die Unie 1/12/43 bls. 117, 1/7/35 bls. 1. Artikel van Cilliè.

van sy verklaarde beleid rè die voertaal in die skole nie. Hy wil hom aansluit by die verklaring van die Afrikaanse Kerk, dat dit sy oortuiging is dat, indien die Afrikaans enkelmediumskool aan die Afrikaner ontneem word, daar 'n golf van bitterheid deur die land sal gaan. Hy is daarvan oortuig dat tweetaligheid en welwillendheid eienskappe is wat in die Afrikaanse enkelmediumskool gekwaak word (1).

(x) Die Enkelmediumskool dien as 'n bolwerk teen verengelsing van die Afrikaanse kind. Dit het by die kind 'n sterk gevoel van eie waarde, selfrespek, en nasietrots aangekweek, hom geleer om sy nasie te eer, sy taal lief te hê en sy vaderland te leer ken en waardeer (2). Die Afrikaanssprekende moet sy taal by alle geleenthede handhaaf, anders begin sy taalteenstander die egtheid van sy bedoelinge te wantrou en verag. Dit is 'n geval van „Porturiant montes nascitur ridiculus mus." (3).

(xi) As tweetaligheid en die proses om die kind tweetalig te maak, van hom 'n na-aper, 'n konterfeitsel van 'n inkruiper en witvoetsoeker by wat aan die egte Suid-Afrikaner vreemd is, maak, moet Cillié waarsku en handelend optree om die kind vir die nasie te probeer red en wat meer is, die kind vir homself te probeer red. Die proses van verbastering moet stopgesit word omdat die

(1) Die Unie 1/12/43 bls. 117 en 1/4/37 bls. 378. Artikels van Cillié.

(2) Die Unie 1/3/44 bls. 175. Artikel van Cillié. Inspan Febr. 1946 bls. 5.

(3) Die Unie 1/3/45 bls. 166, Jan.-Febr. 1908 bls. 223. Artikels van Cillié.

Afrikaners wat daarin verval, kerklos en kultuurlos gemaak word en so vir hul volk en vir hulself verlore raak. Om hierdie proses van verbastering te keer, moet die kwaad aan sy oorsprong stopgesit word, nl. in die huisgesin en in die skool (1).

3. SKOOLTUG.

(i) By die kwessie van straf is die eerste vraag uit watter oogpunt 'n mens die kind beskou. As mens van die kind 'n God wil maak moet mens met Rousseau sê dat die kind heilig is. Dit is goed om die kind as heilig te beskou; nogtans bly dit 'n kind en daarom moet daar tugmiddels toegepas word. 'n Mens moet onthou dat dit moeiliker is om te tug sonder die roede as om met die roede tug te handhaaf (2).

(ii) Die skoolwese verskil vandag hemelsbreed van die ou pedagogiek van vyftig jaar gelede (3).

Die opvoeder wil die skool vir die kind aangenaam maak - belangstelling by die kind opwek. Die ou pedagoë meen dat die kinders vandag losbandig is. Die onderwys weer wil die kinders vrylaat en vertroue in hulle stel. Cillié glo nie daarin dat 'n mens 'n kind kan reg slaan nie. Dissipline moet uit selfbeheer kom en daarvoor is vryheid nodig. Die dwang moet dus nie uiterlik nie maar innerlik wees (4)

(1) Die Unie 1/2/47 bls. 177. Artikel van Cillié.
Inspan Feb. 1946 bls. 5.

(2) Die Unie 1/1/14 bls. 216. Artikel van Cillié.

(3) Harris, P.E. : Changing Conceptions in School Discipline, bls. 14.

(4) Bosman, A. : Notas van Cillié 1931.
Keyter, J. de W. : Opvoeding en Onderwys bls. 243-245.

In die moderne onderwys is die nuwe dissipline die grootste verandering. Die opvoeder probeer vandag alles van die kind se oogpunt beskou en behandel hulle nie meer as miniatuur-grootmense nie. Die onderwyser moet besef dat die kind ook 'n standpunt het. Dit is nie meer 'n slegmakery en slanery van die môre tot die aand soos dit in die lang verlede was nie (1). Met die ysterdissipline van 30, 40 jaar gelede het opvoeders ontevrede begin word (2).

Cillié neem geredelik aan dat daar baie van die sogenaamde nuwe opvoeders is wat met die nuwe soort dissipline totaal misluk. Hy glo ook dat die nuwe opvoeding met sy leuse van deur vryheid tot dissipline heel dikwels mense oplei wat totaal ongedissiplineerd is en hul lewe lank so sal bly (3). Daar is gevaar dat opvoeders moontlik te vinnig aangaan met die nuwe vryheid waardeur daar miskien 'n mate van deeglikheid prysgegee word (4).
Mense wat meen dat al die sogenaamde nuwe opvoeders bandeloosheid bevorder en die leerlinge of hul eie kinders bederwe, maak 'n fout. Cillié het van die skole gesien waar die nuwe opvoeding in swang is en daar was in baie van hulle perfekte orde. Daar is van die nuwe skole waar die tug nie gehandhaaf word nie, waar die kinders nooit sal leer om hulself te beheer nie maar in sommige ou skole gaan dit ook so.

(1) Die Unie 1/11/37 bls. 199. Artikel van Cillié.

(2) " " 1/1/34 bls. 214. " " "
Monroe, W.S. : A book in the History of Education, bls. 199.

(3) Die Unie 1/10/31 bls. 36. Artikel van Cillié.

(4) " " 1/11/37 bls. 199. " " "

Wat die opvoeder duidelik moet verstaan en openhartig erken, is dat die dae toe die kind vir alles pak gekry het, verby is. Vir 'n leuen, vir stokkiesdraai, vir 'n fout in die diktee, vir 'n verkeerde som- vir alles was die lat die remedie (1).

Geen mens wat iets van die onderwys weet, kan teen die beginsel van selfwerksaamheid van die kind wees nie (2). Niemand kan ontken dat die kind innerlik gedissiplineerd moet wees nie. Plato het reeds beweer dat iets wat 'n mens onder dwang leer, vir hom geen waarde het nie. As dit waar sou wees, sou die kinders in die „ou skool" by die „ou Meesters" niks geleer het wat vir hulle waarde het nie, wat tog pure onsin is. Cillié ken die lewensgeskiedenis van menige groot wêreldfiguur wat groot geword het, groot gebly het en groot dood gegaan het, wat met dankbaarheid vervul is dat hy onder die dissipline, uiterlike dissipline van ouers en onderwysers in sy kinder- en jeugjare gestaan het. Nie wat seuns en meisies in Stds. III en IV op skool doen nie maar wat hulle in die lewe daarbuite doen en dink., lewer die bewys of hulle op skool goed gedissiplineerd was (3).
Die mens moet in sy jeug gedissiplineer word en die lewe moet vir hom van kindsbeen af nie so gemaklik gemaak word dat hy nie weet wat swaarkry, sukkel en volharding is nie (4).

(1) Die Unie 1/10/31 bls. 36. Artikel van Cillié

(2) Comenius, H.A. : Didactica Magna. Hoofstuk 26, Rugg, H.O. and Shumaker, A. : The Child-centered School bls. 42.

(3) Die Unie 1/9/32 bls. 161. Artikel van Cillié.

(4) Die Unie 1/9/44 bls. 46. Artikel van Cillié.

(iii) By die dissiplinering van die jeug moet die opvoeder met geduld, moed, tak, liefde en simpatie optree en daarby moet hy die belangstelling van die kind win, sodat die betekenis en gebruik van wat hy leer, sy gedrag en uitkyk op die lewe, hom sal beinvloed en 'n vaste karakter besorg (1). Met hierdie eienskappe is die opvoeding maklik en sal die opvoeder baie minder moeilikheid met dissipline hê. Dit sal weer tot kinderstudie lei en tot 'n meer humane behandeling van kinders (2).

Om kinders nie op 'n humane wyse te behandel nie en deur middel van plak-drywery deur die eksamen te probeer kry, kan Cillié nie genoeg afkeur en veroordeel nie. As 'n leerling met brein in die laaste jaar van sy skoollewe nog deur die plak moet aangemoedig word om sy plig te doen teenoor sy werk, sy klas, sy skool, sy onderwyser en veral teenoor homself, m.a.w. as die opvoeder die leerling in sy laaste skooljaar nog nie so ver gebring het om sonder die aanmoediging van liggaamlike straf te leer nie, het Cillié vir so 'n leerling baie min hoop in die lewe en Cillié kan nie 'n alte hoë dunk van sy opvoeder hê nie (3). Die drilsersant is nie altyd die beste persoon om mense te dissiplineer nie. Alle dissipline moet uitloop op selfdissipline. Daar is baie ouers en onderwysers wat van mening is dat 'n mens kinders en grootmense deur

(1) Comenius, J.A.: Didactica Magna. Hoofs.26. Die Unie 1/1/34, bls. 214. Artikel van Cillié.
Rugg, H.O. and Shumaker, A. : The child Centered School bls. 32.

(2) Monroe, W.S. : A Book in the History of Education bls. 199. Die Unie 1/1/34 bls. 214. Art. van Cillié.
Tate, B. : Opvoedende Onderwys bls. 163.

(3) Washburne, C. and Stearns, M.M. : New Schools in the Old World, bls. 46-48.
Rugg, H.O. and Shumaker, A. : The Child centered School
Harris, M.O. : Towards Freedom and Education bls.15-16.
Die Unie 1/6/30 bls. 388. Artikel van Cillié.

uiterlike dwang en onderdrukking, met geweld en hardheid, kan bring tot selfdissipline. In die nuwe opvoeding glo die mense nie meer aan daardie soort dissipline nie (1).

(iv) Die doel van die tug is nie net om liggaamlik te straf nie; dit moet dien as 'n middel tot opvoeding, as 'n middel om die kind van die verkeerde, die bose weg te wen en te lei tot die goeie weg; dit moet nie dien om die kind af te skrik nie; dit moet 'n retributiewe en korrektiewe uitwerking hê. Die beste mens is hy wat onder selftug staan. Tug moet dus lei tot selftug. Cillié glo meer daarin om die lig te laat val op wat goed en mooi is as om steeds die lelike en die slegte onder die aandag te bring. Tug moet dien as 'n middel om van die kind 'n bruikbare burger te maak (2).

(v) Op die vraag of goeie, nuttige burgers, rein en edel van karakter, sonder tug kan opgevoed of ontwikkel word, word veral in die laaste tyd dikwels beslis positief beantwoord. Elke kind is 'n selfsugtige, indiwiduele wese, daarom is dit noodsaaklik dat die onderwyser elke kind en sy omstandighede moet ken en elke saak op sy meriete moet behandel. Om eenvoudig vir elke oortreding dieselfde en veral liggaamstraf toe te pas, sal nie gaan nie. As 'n mens 'n persoon met opset sou doodskiet of dit per ongeluk doen, word die omstandighede in aanmerking geneem. Die Christelike leer neem dieselfde standpunt in.

(1) Die Unie 1/6/40 bls. 370. Artikel van Cillié.
(2) Die Unie 1/10/31 bls. 36. Artikel van Cillié.
Ramson, W. : The Freedom We Seek, Hoofstuk 1.
Lighthart, J. : Jeugherinneringen, bls. 21 en 22.

(vi) Daar is gewoonlik drie klasse kinders. Groep A bestaan uit fyn, eergevoelige kinders wat tuis 'n goeie opvoeding kry. Hier doen liggaamstraf, selfs as daar oortree word, meer kwaad as goed. Vermaning onder vier oë, verwysing na voorbeeldige ouers, bring dikwels die beste te voorskyn.

Groep B is ook kinders wat nie juis die roede nodig het nie maar hulle moet in elk geval weet dat dit daar is en gebruik mag word.

Groep C is, selfs al is hulle nie laag van karakter nie, die moeilike klas wat eenvoudig „horende doof en siende blind" is. Hul gevoel is nie in die hart nie, en hul verstand nie in hul brein nie, dit is alles in hul sitplek, waar dit netjies verwyder moet word en na die regte plek gebring moet word. Waar die opvoeder met hierdie klas kind te doen het, daar is dit onbillik om die doeltreffende middel aan die onderwyser te ontneem en teenoor die kind word 'n onvergeeflike pligsversuim gepleeg.

(vii). Wanneer liggaamlike straf toegedien word, moet dit met 'n behoorlike middel op kalme, bedaarde wyse gegee word; ook moet geen beledigende woorde bygevoeg word nie. By die onderwyser moet geen haat teenoor die oortreder bestaan nie; hy moet die onaangename taak in simpatie aanvaar en in liefde volbring - as hy dit nie so kan doen nie, moet hy dit liewers laat staan, want een misdaad word nooit deur 'n tweede vergoed nie (1).

(1) Die Unie 1/6/32 bls. 437. Artikel van Cillié.
Hall, Stanley: Youth, its Education, Regimen and Hygiene, bls. 87-92.

In 'n samelewing waar daar ongenadig gestraf word; in 'n samelewing soos die van Suid-Afrika waar regters en magistrate nog die rottang en die kats voorskrywe as strafmiddels - of dit reg of verkeerd is, weet Cilliė nie - kan die skool onmoontlik liggaamlike straf uitskakel. Daar is kinders wat vir niks anders gehoor gee nie en vir wie dit dus die enigste tugmiddel is wat invloed op hulle het. Die gebruik van die tugmiddel moet egter 'n seldsame gebeurtenis wees - so seldsaam dat die dag waarop dit gebruik word met 'n swart kol op die kalender moet gemerk word. Die tugmiddel moet ook die laaste toevlug wees as ander middels tevergeefs probeer is (1).

4. EKSAMENS.

(i) Eksamens gee voor om die kennis van kandidate in sekere omskrewe areas van sekere wetenskappe of leervakke te toets. Cilliė is eerlik van mening dat met hierdie beperkinge die eindeksamen doeltreffend, betroubaar en geldig is. Natuurlik soos in alle menslike dinge en handelinge, kleef daar onvolmaakthede aan (2).

(ii) Die nadele van eksamens in die toetse wat die opvoeder vandag besit, is: Dit kan nie sodanige dinge soos inisiatief, karakter, wilskrag, oorspronklikheid en deursettingsvermoë direk en geldig toets nie (3). Die meeste eksamens toets bloot kennis,

(1) Die Unie 1/9/32 bls. 161. Artikel van Cilliė.

(2) Die Unie 1/2/14 bls. 258 en 1/5/39 bls. 157 en 339. Artikels van Cilliė.

(3) Die Unie 1/10/35 bls. 107. Artikel van Cilliė.

die geheue. Geleerdes beweer dat die geheue nie verbeter kan word nie. As dit so is, help die van buite leer vir die eksamens glad niks nie. Die onderwyser prop die geheue voor die eksamen vol en die kind vergeet weer die meeste van die geleerde na die eksamen (1). Volgens prof. J. Chris. Coetzee toets die eksamens nie die opvoedende deel van die onderwys nie. Dit werk in die hand dooie, meganiese en neerdrukkende onderwys-metodes. Die onderwyser word verlei tot skynarbeid, tot afrigting vir die eksamen. Hy is driller of hy word dit. Die kind weer merk dat die eksamen net die geheue en nie sy werk toets nie. Hy volg slegte metodes, blok. Eksamen is 'n verleiding tot oneerlikheid; dit is nadelig vir die gesondheid. Eksamens verlaag die wetenskappe eenvoudig tot nommers van die eksamenprogram. Eksaminatore is nie op hoogte van wat van die kinders kan verwag word nie. Hulle is nie altyd eenders nie. Hulle kan ook maar 'n beperkte grond met hul vrae dek. Eksamens veroorsaak 'n opgesonde kompetisiegees (2).

(iii) As „harde werk" spontaan gedoen word, uit liefde vir die werk, blymoedig en met lus, sal mededinging op die gebied van eksamen nie so erg skadelik wees nie. Dan sal mededinging 'n spoorslag tot kragsinspanning en getroue pligsvervulling regverdig wees (3). As dit onder die plak, die lat en die slae van 'n sarkastiese en dreigende tong gebeur, is „harde werk" in geen opsig karakterbouend nie. Cilliè weet dat

(1) Ruyler : Notas van Cilliè 1946. Die Unie 1/10/35 bls. 107. Artikel van Cilliè.

(2) Burger 1/2/17 en 7/2/18. Artikels van Cilliè.

(3) Die Unie 1/3/22 bls. 249. Die Burger 20/1/21. Artikels van Cilliè.

pragtige uitslae in baie skole sonder daardie soort aanmoediging verkry word. Hy weet ook dat baie hoofde van skole onder die gejaag en die gedryf vir eksamens vergaan. Teen hul eie beterwete in en teen hul eie lewensopvatting word hulle deur die publiek wat goeie uitslae, skoolkommissielede en ander mense wat goeie simbole wil hê, gedwing om kinders te dresseer vir die openbare eksamens. Baie leerlinge van skole se blus is totaal uit as hulle so deurgedryf en deurgejaag is. Hulle lus na kennis is totaal vernietig. Baie van hulle kan nie werk as daar nie 'n drywer agter hulle is nie (1).

As die Matriek-uitslae onbevredigend is, verloor die skool sy reputasie en daar word nie na die materiaal gevra nie. Wat die kinders vir die eksamen geleer het, kan hulle nie in die alledaagse lewe toepas nie. Dit is geheue-balas uit boeke gekry of gekondenseer uit die aantekeninge van die meesters. Al die onderwys op die skool, die hele houding is daarop bereken dat mens die eksamen beskou as die hoogste goed (2). In die kritiekste periode van die lewe van die kind word hy met eksamens afgedruk. Dit is in die tyd wanneer die kind liggaamlik en geestelik grote verandering ondergaan (3).

Cilliè glo nie dat die eksamens op sigself so 'n vreeslike euwel is nie maar wat sterk moet afgekeur word, is dat die eksamens gebruik word as 'n paaiboelie, soos dit nog dikwels in en buite die

(1) Die Unie 1/6/32 bls. 434. Die Burger 24/1/18. Artikels van Cilliè.

(2) Die Unie 1/5/40 bls. 335. Die Burger 1/2/17. Artikels van Cilliè.

(3) Die Unie 1/9/19 bls. 57. Artikel van Cilliè. Stayer en Thorndike : Educational Administration Deel 111. Paragraaf 16.

skole gebruik word. As die opvoeder vir die lewe leer en die leerlinge vir die lewe voorberei, is die eksamens, as hulle op 'n redelike, billike en verstandige manier afgeneem word, lank nie so 'n slegte affêre as wat sommige mense meen nie (1). Leerlinge wat gereeld, sistematies en getrou werk, slaag gewoonlik goed by die eksamens. Om so gereeld te werk, eis wilskrag, deursettingsvermoë en inisiatief (2).

(iv) Stayer en Thorndike gaan in hul boek „Educational Administration" van die veronderstelling uit dat sukses op Kollege die maatstaf is waarna die voortreflikheid van iemand moet gemeet word. Kolleges beweer dat hul toets in 47 uit 50 kandidate verskil van die Matriektoets. Cilliè glo nie dat dit die geval is dat Matriek 47 uit die 50 gevalle wat sy toets van kandidate betref, mistas nie. Opvoeders glo tog seker almal dat die maatstaf moet wees, sukses in die later lewe op ekonomiese, maatskaplike en veral op geestelike gebied, daarom konstateer Cilliè dat Stayer en Thorndike van 'n foutiewe veronderstelling uitgaan.

As die toets moet wees wie op die Universiteit of op die Kollege suksesvolle werk kan doen, moet tog die professor veel beter in staat wees om te oordeel as die onderwysers. Baie onderwysers wat kandidate vir die Universiteit voorberei, was nooit self op 'n Universiteit nie (3).

(1) Die Burger 24/1/18. Artikel van Cilliè.

(2) Die Burger 1/2/17 en 24/1/18. Artikels van Cilliè.

(3) Die Unie 1/9/35 bls. 74 en 1/11/35 bls. 143. Artikels van Cilliè.

(v) Die Matrikulasie-eksamen, die Transvaalse en die Kaapse Standerd X-eksamens is betroubare toetse van kennis in sekere beperkte areas van sekere wetenskappe en hulle is betroubare toetse vir wat hulle voorgee om te toets. Studente wat in voorgenoemde eksamens 'n goeie vertoning maak, doen dit ook aan die Universiteit. Die wat dit op die Universiteit doen, doen dit ook in die latere lewe. Daar is natuurlik uitsonderinge maar hulle is seldsaam (1).

Die eksamen moet 'n eenvoudige toets word, sodat die eksaminator kan uitvind of die leerling die leerstof begryp het en die geleerde weet toe te pas en in die praktiese aangeleenthede van die lewe te gebruik. Mens moet sekere dinge onthou. Die basis van die denkvermoë is die geheue (2).

Almal wat met skole en onderwys te doen het, stem toe dat aan die einde van die kursus die resultate van die werk wat onderneem en gedaan is, moet getoets word. Die vraag is hoe die toets afgeneem moet word.

(vi) In Amerika doen die meesters die werk self in die sogenaamde „accredited" skole maar dit word as baie onbevredigend beskou. In Duitsland doen die onderwysers dit met aangestelde eksaminatore deur die staat. Die veroordeelaars van Suid-Afrika se stelsel is gewoonlik doodstil as hulle gevra word om iets aan die hand te gee om in die plek van die Suid-Afrikaanse sisteem te stel (3).

(1) Die Burger 17/2/21. Artikel van Cilliè.

(2) Die Unie 1/11/35 bls. 143. Artikel van Cilliè.

(3) Die Burger 1/2/17. Die Burger 17/2/21. Artikels van Cilliè.

(vii) 'n Mens sou graag sien dat eksamens skriftelik en mondeling afgeneem word. Die onderwyser en iemand van buite moet die eksamen afneem. In die geval van grensgevalle waar getwyfel word of die kandidaat moet slaag, moet 'n arbiter ingeroep word om die deurslag te gee. By die eindeksamen behoort die jaarrekord as 'n kontrole in aanmerking geneem te word. Eksterne eksamens waar die persoonlike element nie in aanmerking kom nie, is nie goed te keur nie. Dit is onmoontlik om 'n oordeel wat juis is en die moeite werd is, te gee oor iemand wat 'n mens nooit gesien of gehoor het nie (1). Geskrewe en vergelykende eksamens vir kinders van 14 of 15 jaar oud is 'n skandvlek in die opvoeding (2).

(viii) Niemand kritiseer ooit die klastoetse van die onderwyser nie. Hierdie metode verminder die neiging tot blok voor 'n eksamen. Dit hou alles varser in die geheue. Dit help die onderwyser om uit te vind of die leerlinge verstaan wat hulle wil leer, of hulle die leerstof kan gebruik wat hulle aangebied is (3).

(ix) Om te beweer dat die hersieningswerk, blok, 'n paar dae voor die eksamens af te keur is en dat, as die leerlinge aan hulself oorgelaat word, dit verkeerd is en dat hulle dit onder die toesig van hul onderwysers om opvoedkundige redes en oorwegings behoort te doen, gee aan die hele onderwysstelsel 'n „testimonium paupertatis" wat dit seker nie verdien nie. Nadat kinders agt, tien of twaalf jaar skool gegaan het, behoort hulle in staat te wees om tydens bloktyd

(1) Die Burger 7/2/18. Artikel van Cilliè.

(2) Die Unie 1/3/15 bls. 229. Artikel van Cilliè.
Die Burger 1/2/17. " " "

(3) Kuyler, Notas van Cilliè 1946. Die Burger 17/2/21.

self te leer, sonder die toesig van hul meesters (1).

(x) In verband met die verskil wat daar soms is tussen klaspunte en punte behaal by die publieke eksamens, moet Cilliè sê dat alleen reg gemeet kan word as die opvoeder 'n standaardmaat het. Die maat by die waardebepaling van eksamen-antwoorde het hy nog nie in so 'n vorm dat hy dit maklik kan gebruik nie (2).

(xi) Die onderwyser het twee soorte gestandardiseerde toetse wat hy by beroepsvoorligting kan gebruik, nl. verstands- en beroepstoetse. Eersgenoemde behoort veral tuis by die gewone skool en dien as aanvoorwerk vir die latere beroepstoetse wat in die beroepslewe toegepas word. Verstandstoetse is onmisbaar by beroepsvoorligting en behoort die skakel tussen die gewone skool en die arbeidsburo te vorm.

As die opvoeder die kind se verstandspeil gemeet het, weet hy min of meer hoedanig die verstandelike eise van die beroep moet wees waarvoor die kind geskik sal wees. Die gewone onderwyser kan dus gedurende die jare wat die kind onder sy sorg is by wyse van verstandstoetse nuttige inligting vir die beroepsvoorligter inwin.

Die groot moeilikheid waarvoor die opvoeder staan en wat alle lande in minder of meerdere mate ondervind, is om 'n geskikte persoon te kry, wat die toetse kan gebruik. In Suid-Afrika is die stelsel van beroepsvoorligting nog maar in die beginstadium. Die hele onderwysstelsel sal hervorm moet word as dit die doel is om aan elke kind leiding te gee ten opsigte van die ingewikkelde ekonomiese eise van die maatskappy (3).

(1) Die Burger 3/2/16. Artikel van Cilliè.
(2) Die Unie 1/1/25 bls. 171. Artikel van Cilliè.
(3) Die Unie 1/12/34 bls. 215. " " "

Daar is 'n beweging om kinders binne een klas te toets en in groepe te verdeel en volgens hul groepeise te behandel. Die groeppunte word volgens die hoogste moontlikheid van die groep self bepaal. A-groep=100, B=80, C=60, D=40. Elke groep is dus homogeen. Volgens die intelligensie-toetse is die volle punte van A-groep natuurlik verskillend van die volle punte van die B-groep, ens. In die lewe is so 'n waarderingsmerk van geen waarde nie. Cilliè glo nie in so 'n verdeling nie en daar is niks verderflikers as dit nie. Cilliè se eie ondervinding is dat mislukkings in die lewe nie aan gebrek aan intelligensie toe te skrywe is nie, maar aan gebrek aan karakter. In Duitsland is die intelligensie-toetsmanie reeds dood (1).

5. INSPEKSIE.

(i) Die ideale amptenaar is hy wat inspekteer omdat hy wil weet hoe om te help. Inspekteurs het houterig geword en meer as een het sy siel tussen die verkeerde somme, die spelfoute en die opstelle van std. 1 tot std. VI verloor. 'n Hopelose oordrewe waarde is geheg aan spelling, rekenkunde en formele grammatika. Miskien moes daar glad geen stelsel van inspeksie gewees het nie, maar moes elke inspekteur vrygelaat gewees het om indiwidueel en oorspronklik soos 'n regte, egte kunstenaar sy eie manier uit te dink en toe te pas (2).

(1) Die Unie 1/11/22 bls. 86. Artikel van Cilliè.

(2) Die Unie 1/10/34 bls. 142. " " "

(ii) Die inspekteur moet persoonlikheid hê. Hy moet insig en deursig in onderwyssake, idees, gedagtes en verbeeldingskrag hê. Hy moet die moed hê om 'n suiwere Suid-Afrikaanse stelsel van onderwys te ontwerp (1).

Die inspekteur moet ondervinding, bekwaamheid, besondere begaafdheid en inisiatief hê. Hy moet 'n vriend en raadgewer wees. Sy besoek moet 'n gebeurtenis wees waarna uitgesien word. Hy moet met die nuutste gedagtes en metodes na 'n skool kom en behoort die hele gebied van die teorie en die praktyk van die opvoeding te beheers. Hy moet volkome op hoogte wees van wat in ander lande op onderwysgebied gaande is en gedoen word. Hy moet veral mensekennis hê en weet hoe om met mense en kinders om te gaan. Hy moet baie simpatie en 'n veelsydige belangstelling in allerhande vraagstukke hê.

(iii) Individuele of hoofdelike inspeksie word orals in die wêreld ten gunste van klassikale inspeksie veroordeel (2). Indiwiduele inspeksie is ondoeltreffend omdat daar te veel leerlinge is om elkeen afsonderlik te inspekteer. Waar hoofdelike inspeksie toegepas word, word die nadruk op die meganiese vakke gelê, wat maklik hiermee getoets kan word. Een man kan nie alles sekuur in 'n paar dae nasien nie. Die kinders moet volgens die wette van die kinderlike verstand en die eise van die moderne sielkunde geïnspekteer word. Hoofdelike inspeksie word 'n sleur, 'n eentonige bedryf, oefen 'n dodende invloed uit (3)

(1) Die Burger 13/1/16.
Petersen, Peter: Die Nieu Europese Opvoedingsbeweging bls. 188.

(2) Die Unie 1/2/33 bls. 320 en 285. Artikels van Cilliè.
Malherbe E.G. : History of Education in S.A. bls. 142.

(3) Die Unie 1/6/32 bls. 434. Artikel van Cilliè.

Die onderwysers moet in oorleg met die inspekteur die kinders klassifiseer en bevorder.

(iv) Onderwysers moet meer vertrou word en minder van die sogenaamde "surprise visits" hoor, want dan sou mens by hulle eergevoel en liefde vir hul werk wek, wat meer werd sou wees as 'n halfdosyn van die leë, holklinkende en niksseggende rapporte wat na so 'n inspeksie gestuur word; rapporte wat mens laat dink aan die Orakels van Delphi wat mens na albei kante kan uitlê. Die opvoeder is deur die leerplan gebind aan die sillabus, aan die grille van die inspekteur en aan die eksamens. Daar moet meer vryheid by die opvoeding vir die onderwyser wees, anders word hy 'n klinkende metaal (1).

6. HUISWERK.

(i) In baie gevalle word daar misbruik van en met "huiswerk" gemaak. Kinders ly gevolglik daaronder. Verstandige onderwysers en ouers gee huiswerk op 'n verstandige oordeelkundige manier en beoordeel die gee van huiswerk op 'n verstandige wyse. Onverstandige onderwysers maak huiswerk egter 'n las en 'n gruwel vir die kinders, sodat onverstandige ouers daaroor kwaad word.

Niemand sal oor hierdie vraagstuk die laaste woord sê nie. As daar kinders in std. IV. onder een onderwyser is, wat net die een klas het en die leerlinge kom uit gegoede huisgesinne waar daar boeke, tydskrifte en koerante is, en broers en susters en ouers wat lees en gesels oor sake van belang - huise

(1) Die Burger 28/3/18. Artikel van Cilliè.

met 'n kulturele agtergrond - is dit amper jammer om die kinders somme tuis te laat doen of woorde te laat leer spel, as hulle in die vader se biblioteek kon rondgekrap en gelees het of geluister het na die gesprekke oor vrae van die dag.

As die onderwyser drie, vier of ses of ag klasse het en die kinders het tuis nie boeke nie, is die probleem heeltemal anders (1).

(ii) Persoonlik glo Cilliè in 'n matige hoeveelheid huiswerk wat verstandig geplan en verstandig gegee word en sorgvuldig en simpatiek nagesien en behandel word. Dit leer die kind om self en sonder opsig en toesig werk te doen. Dit bring die skool en die huis saam (2).

Uit ervaring weet Cilliè dat daar meer kinders die reguit pad verloor deurdat hulle ledig is en rondloop, as wat liggaamlik, geestelik en sedelik deur oorlaaiing met werk geruïneer word.

(iii) In Switserland, Denemarke en in sommige plekke in die Verenigde State is huiswerk verbode. Daar maak die onderwyser sy eie leerplan - hom word alleen die breë trekke van die werk voorgeskryf (3).

Die skole het 'n vaste leerplan en die onderwysers moet daardeur kom. Dit lyk vir Cilliè verkeerd dat iemand 'n reël oor huiswerk sal neerlê (4).

(1) Die Unie 1/8/12 bls. 37. Die Unie 1/2/13 bls. 243. Artikels van Cilliè.

(2) Die Burger 13/1/16. Artikel van Cilliè.

(3) Die Burger 10/5/17. " " "

(4) Die Unie 1/2/33 bls. 285. Artikel van Cilliè.

(iv) Cilliè is van oordeel dat feitlik geen huiswerk, seker niks skrifteliks nie, tot en met std. III behoort gegee te word nie en dat daarby ook baie versigtig moet gehandel word deur liewer te min as te veel te gee en altyd die nodige voorligting te gee ten einde tydverkwisting by die voorbereiding te voorkom (1).

(v) Die doel van huiswerk is om verantwoordelikheidsgevoel by die leerling aan te kweek; om die geheue en begripsvermoë te toets en te ontwikkel; om die ouers te bevredig; en miskien ook om deur die leerplan te werk. Ook word deur die voorstanders van huiswerk beweer dat die doel is om netheid, presiesheid en deeglikheid te toets wat nie Cilliè se sienswyse is nie; inteendeel is dit juis een van die argumente wat vir afskaffing aangevoer word.

(vi) Argumente teen die afskaffing van huiswerk is dat huiswerk binne die perke van die leerplan selfstandigheidsgevoel gee. Die kind leer om probleme self aan te pak en die oplossings daarvan te soek en nie altyd op die hulp van ander te vertrou nie. Huiswerk gee pligsgevoel. Die kind moet voel dat hy ook 'n taak het om te vervul en sy eerste plig behoort by sy skoolwerk te wees. Huiswerk moet gegee word om die ouers te bevredig. Sommige ouers skat nog die onderwyser by die hoeveelheid huiswerk wat gegee word. Rekening moet dus met die omgewing en die wense van die ouers gehou word. Huiswerk bring die skool en die lewe daarbuite nader aanmekaar. Die ouers leer

(1) Die Burger 10/1/18. Artikel van Cilliè.

Die ouers leer belangstel in die skool en in hul eie kind. Afskaffing van huiswerk mag as gevolg hê dat ouers nog meer onverskillig word om kinders onnodig uit die skool te hou. Huiswerk verhoed dat die kind in losbandigheid verval.

(vii) Argumente ten gunste van afskaffing van huiswerk is dat toesig oor die werk by die huis ontbreek met die gevolg dat die werk onbevredigend gedoen word. Sodanige huiswerk is sonder belangstelling en ondoeltreffend. Slordigheid word deur sodanige huiswerk in die hand gewerk. Huislike omstandighede is soms nie tot deeglike huiswerk bevorderlik nie. Selfstandigheidsgevoel word nie juis by die huis gekweek nie, want dikwels word die kind deur ander met die huiswerk gehelp, sodat die kind as gevolg van die verskillende metodes verward raak. Huiswerk maak die kind ongelukkig en dood sy skeppingsgees (1).

7. <u>ONDERWYSMETODE.</u>

(i) Op skool moet die onderwysers die kinders leer om hul gedagtes mooi en netjies in te klee en uit te druk. As hulle dit doen, kan hulle die helfte van die tyd wat nou met al die taalonderwys verkwis word, vir ander vakke gebruik (2). Slordig praat of slordige taal is die openbaring of uitvloeisel van slordig dink by 'n mens. Deur slordig te praat kan die kind nooit logies en reg leer dink nie.

(1) Die Unie 1/2/33 bls. 285. Artikel van Cilliè.

(2) Ibid.

Dit word veral by die skrywe van opstelle geopenbaar (1).

(ii) Die opstelle in standerds IV en V waar mens aan die kinders iets voorlees en die kinders 'n opstel daaroor laat skrywe, is werklik 'n skandaal, 'n onsielkundige affêre. Dit is heeltemal meganies en laat aan die leerling geen kans om eie inisiatief te openbaar nie. Dit kom alles neer op onthou en reproduseer, soos dit ook by die resitasie die geval is.

(iii) Wat die resitasie soos aangegee op die leerplan vir die standerds betref, moet die kinders in stds. 1, 11 en 111 resiteer met kennis van die betekenis en aanspelinge ( meanings and allusions). Poësie is tog kuns en wek kunssin en kunsgevoel op. Van letterkundige appresiasie word niks gerep nie. Of die vers wat mens resiteer mooi is of waarom dit mooi is, daarvan praat die leerplan niks nie. Dit is 'n gemeganiseerde besigheid, suiwere verstandswerk. Die gevoel is van geen belang nie. Die gevolg is dat die kind geen smaak vir letterkunde, geen taalgevoel, ontwikkel nie (2). Wanneer 'n digter se werk gekritiseer word, moet mens homself allereers probeer plaas op die standpunt waarop die digter moes gestaan het, of nagaan wat in die brein van die digter omgegaan het, toe hy sy poësie geskryf het. Die bekende word so dikwels in die skole deur die onbekende opgehelder i.p.v. die onbekende deur die bekende (3).

(1) Die Unie 1/2/33 bls. 320. Artikel van Cilliè.
(2) Die Unie 1/5/33 bls. 432. " " "
(3) Die Burger 1/8/21. " " "

(iv) Vanaf die aanvangonderwys behoort die kinders so geleer te word dat die onbekende deur die bekende opgehelder word. Van hul sesde tot hul agste jaar behoort daar van 'n medium geen sprake te wees nie. Mens moet hulle leer praat. Die eerste twee of drie jaar behoort alle onderwys praat-onderwys te wees; hoe hul gedagtes onder woorde te bring. Dit was in die lang verlede 'n ongewenste metode om die kleintjies te laat lees en dit nogal meestal in 'n vreemde taal - uit boekies waarin sulke smaaklose verhaaltjies voorgekom het dat 'n mens met die beste wil van die wêreld hulle nie smaaklik en interessant kan maak nie. Die kind moet van sy 6de tot sy 8ste jaar of 9de jaar geleer word om sy eie gedagtes onder woorde te bring en op 'n verstaanbare en net wyse aan ander mee te deel i.p.v. die gedagtes van ander wat reeds lang vergeet het hoe die kinders dink, te herkou en per slot van rekening nie begryp en assimileer nie (1). In die Kindergarten moet die kind al spelende leer om sy hande en sy oë te gebruik. Speel en werk moet saamgaan. In die „Kindergarten ekserseert men nommers i.p.v. mensen op te voeden" (2). sê Ellen Key in „De Eeuw van 't Kind". As dit van Noorweë en Swede waar is, hoeveel te meer in die imitasie van die Kindergarten wat ons het. Hier word die gewoonte van nie op te let nie, aangekweek. Dit vereis 'n buitengewone genie om [illegible] in die kindersiele te kan sien en rigting te gee aan die karakters en hulle te vorm (3).

(1) Die Burger 22/8/18. Artikel van Cilliè.

(2) Die Unie 1/3/17 bls. 699. " " "

(3) Die Unie 1/1/12 bls. 230. " " "

Daar word gekla dat kinders nie behoorlik kan lees nie. Die vraag is of opvoeders nie die skuld daarvoor het nie deur in die stds. tot en met IV soms die leesboekies wat per slot van rekening baie oninteressante stukkies en brokkies bevat, drie- tot viermaal en selfs meermaal te laat deurlees nie en dan nog dag na dag diktee uit die lesse laat skrywe.

Cilliè kan hom nie iets meer onsielkundig voorstel as die metode om kinders te leer spel (1). Hy meen dat spelling 'n blote konvensie is (2). Die onderwyser moet daarop aandring dat wat die kind ook al mag doen i.v.m. sy skoolwerk, absoluut pedanties korrek moet wees. Hoe eerder 'n mens die les leer en in sy siel opneem dat daar in die wêreld nie soiets as halfreg is nie, hoe beter is dit vir sy later lewe (3).

(vi) In die primêre skool moet klem op selfaktiwiteit en skeppingsvermoë gelê word (4).

Die gevaar is dat die onderwyser in die laerskool te veel praat en die kind te veel luister. Cilliè beklemtoon die feit dat 'n kind nie iets verstaan, tensy hy dit self deurleef nie en nie in iets belangstel, tensy hy dit self gedoen het nie. As die opvoeder die geskiedenis en aardrykskunde so onderwys dat die kinders meer deur middel van kaarte te teken, opsommings uit wat hulle gelees het, maak en die wêreld rondom hulle observeer, sal hulle nie alleen vinniger vorder nie maar hulle sal die dinge makliker onthou omdat hulle dit self deurleef het;

(1) Die Unie Jan.-Febr. 1908 bls. 223. Artikel van C.
(2) Die Unie 1/3/17 bls. 699. Artikel van Cilliè.
(3) Die Unie 1/11/30 bls. 127. " " "
(4) Die Unie 1/11/38 bls. 146. " " "

omdat die dinge binne hul ervaring en ondervinding is en vir hul betekenis het. Dit moet die uitgangspunt wees waarmee al die ander vakke gekorreleer word (1).

(vii) Cilliè weet dat onderwysers se beswaar tweërlei is, nl. dat hulle nie genoeg handboeke het nie en dat die doen-proses baie langsamer is, sodat met 'n oorlaaide leerplan die inspekteur op hulle sal afklim omdat hulle te min gedoen het. Die eerste beswaar is gegrond en is die vernaamste moeilikheid maar die tweede beswaar bestaan slegs in hul tradisionele opvatting. Onderwysers kan dit gerus probeer. Die kinders moet meer vryheid hê en meer deur middel van voorbeeld en suggestie kry. As onderwysers die belangstelling van hul kinders kan opwek deur hulle meer self te laat doen, sal opvoeders geen vrees vir dissipline hê nie (2). 'n Kind vind homself alleen wanneer hy selfvertroue het, en dit verkry hy deur wat hy self presteer. In teken, sang en lees, kan die onderwyser die kind lei om die selfvertroue te kry (3).

(viii) Die kind se omgewing moet die leermeester die uitgangspunt maak waarmee die ander vakke gekorreleer word. Hy moet kennis van die kind hê. Die nuwe psigologie eis dat hy die reaksies van die kind onder sekere omstandighede moet verstaan en moet weet hoe om die prikkels wat die gewenste reaksies veroorsaak, te gee. As onderwysers die kuns verstaan

(1) Die Unie 1/8/34 bls. 73. Artikel van Cilliè.

(2) Doughton, I. : Modern Public Education Bls. 683-687.
Die Unie 1/8/34 bls. 73. Artikel van Cilliè.

(3) Die Unie 1/8/34 bls. 73. Artikel van Cilliè.

hoe om die kind volgens sy aard te stimuleer, sy belangstelling gaande te maak, sal dissipline en die onderwys baie makliker vir hulle word. Die onderwyser is 'n vormer van die kind en sy hooftaak is om die kind te ontwikkel tot 'n mens met 'n veelvoudige belangstelling - nie alleen in sy besondere beroep nie - maar in die lewe in die algemeen (1).

(ix) Op die metode van Dewey het sy volgelinge allerlei eksperimente uitgevoer, bv. die Projekmetode, die Dalton-plan, die Winnetka-plan, Child-Centered School, Vom Kinde aus, Towards Freedom. Hierdie eksperimente het eintlik hul oorsprong in die stelling van Fröbel, nl. dat die kind nie juis 'n ontvanklike maar 'n skeppende wese is. Hy moet vryheid hê om te skep (2).

(x) Cilliè glo dat alle opvoeding selfopvoeding is. In die verlede is die kind te veel aan bande gelê maar die rol van die onderwyser moet nie onderskat word nie (3). Cilliè glo nie aan die sogenaamde „paplepel-pedagogiek" waardeur alles vir die kind maklik gemaak word nie. Hy moet selfstandig leer dink en handel en selfs moeilike vakke bestudeer (4).

(xi) 'Die aktiwiteitsmetode kom hierop neer dat die opvoeder die kind wil help om selfwerksaam te wees, sy belangstelling in sy werk wil help prikkel en bevorder en sodoende die leerproses wil bespoedig

(1) Die Unie 1/8/34 bls. 73. Artikel van Cilliè.
(2) Die Unie 1/8/34 bls. 73. " " "
Rawson, W. : The Freedom we seek. Hoofstuk 1.
(3) Die Unie 1/8/34 bls. 96. Artikel van Cilliè.
(4) Key, Ellen : De Eeuw van 't Kind bls. 203-213.
Die Unie 1/2/38 bls. 347. Artikel van Cilliè.

en vergemaklik. Cilliè onthou nog dat Comenius in sy boek „Didactica Magna" wat hy ongeveer in die helfte van die sewentiende eeu geskrywe het, sê dat sy doel is om die onderwyser minder onderwys te laat gee, die leerling gouer, makliker en plesieriger te laat leer. Rousseau het probeer om op Comenius te verbeter en het 'n hele ent verder in sy metode gegaan om die kind self te laat werk en te laat begaan. Sy dissipels, veral Ellen Key, Rugg en Schumaker en die Freudiane het vir die mens wysgemaak dat as hy 'n kind teëgaan in sy begeertes of iets verbied, ontwikkel hy komplekse en as hy genoeg komplekse ontwikkel het, lei dit tot wat die psigiaters en psigoloë met hul geliefkoosde woord „wanaanpassings" beskrywe (1).

(xii) Nou moet Cilliè sommer uit die staanspoor erken dat in die dae toe die mense nog nie van komplekse en hul oorsake en van wanaanpassings gehoor het nie en gesonde egpare 10, 12 en meer kinders gehad het en daar miskien nie genoeg liefde om onder so 'n groot getal te versprei, was nie en elkeen dus met minder as sy beskeie deel moes tevrede wees, die ouers nie so nouletttend op die belangstellings en die neigings van hul kinders was nie.

Is die opvoeders van vandag - onderwysers of ouers - nie miskien met al hierdie nuwe metodes om die werk vir die kinders aangenaam, interessant en maklik te maak of soos dit in die leerboeke gesê word: „Die leerplan by die kind i.p.v. die

(1) Key, Ellen : Die Eeuw van 't Kind, bls. 203 en 206.
Die Unie 1/9/44 bls. 46. Artikel van Cilliè.
Rugg en Shumaker : The Child Centered School bls. 37-38.

kind by die leerplan te laat aanpas nie", en met die vrees dat opvoeders by hul komplekse wat tot wanaanpassings kan lei, kan laat ontstaan, besig om hulle geestelik en sedelik dood te druk? (1).

(xiii) Hierdie metodes is in Amerika op verskillende plekke, en op verskillende voorwendsels en onder verskillende omstandighede toegepas en uitgetoets. In sommige gevalle is die mense baie ingenome met die resultaat en word die metodes hoog aangeprys. Die ou metodes word as dood en doods en dodend beskrywe (2).

Aan die ander kant egter ontbreek dit ook nie aan stemme wat daarteen opgaan nie. Veral, so word beweer, ontbreek dit die so opgevoede mense aan dissipline en aan die gewoonte en vermoë om 'n moeilike probleem of saak, of 'n onplesierige stuk werk, aan te pak, deur te dryf en klaar te speel. Ook het hulle nie die nodige gevoel van verantwoordelikheid nie en hulle is ook nie betroubaar nie - 'n mens kan nie op hulle reken nie. As daar 'n terugslag kom, pak hulle die skuld op alles behalwe hulself. Op die skool het hulle mos geleer dat die werk vir hom by hulle moet aanpas en nie hulle by die werk nie en 'n mens moet alleen die dinge waarin hy belangstel, doen (3).

Die toets of 'n metode van onderwys en opvoeding goed is, is en bly tog maar altyd of daardeur beter mense gevorm word.

(1) Die Unie 1/9/44 bls. 46. Artikel van Cilliè.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(xiv) As Cilliè die Nuwe en die Oue met mekaar vergelyk en teen mekaar opweeg, kom hy tot die volgende slotsom: Laat opvoeders die nuwe metodes uitprobeer en na nog meer nuwes soek, sodat hulle in hul professie nie doodgaan nie. Laat opvoeders aan die ander kant aan een gedagte vashou, nl. dat die mens in sy jeug gedissiplineer moet word. Die lewe moet vir hom van kindsbeen nie so maklik gemaak word nie. Hy moet kan volhard (1).

(xv) Uit persoonlike ervaring weet Cilliè van die metodes in sy eie land so te sê niks nie (2).

8. <u>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.</u>

(i) Die voertaalvraagstuk op skole en die tweetaligheidsvraagstuk is so nou met mekaar verbonde dat die een nie sonder die ander bespreek kan word nie; nogtans is dit twee afsonderlike begrippe.

Die tweetaligheidsprobleem ontstaan waar twee tale in een land gebesig word en waar albei so sterk is dat die een nie deur die ander verdring kan word nie. Waar dit die geval is, soos in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik dat die een bevolkingselement ook moet kennis dra van die taal van die ander. Dit is 'n probleem van wye omvang en gewoonlik is die nasionale en kulturele strewe van die twee bevolkingselemente daarmee gemoeid.

Die voertaal kan òf die moedertaal òf 'n vreemde taal wees. Opvoedkundiges is dit eens dat die moedertaal die voertaal dwarsdeur die skoollewe moet wees.

(1) Die Unie 1/9/44 bls. 46. Artikel van Cilliè.

(2) Ibid.

(ii) Dit is sielkundig vasstaande dat 'n vak alleen behoorlik aangeleer kan word as daar 'n sterk gevoelde behoefte bestaan en 'n hooggewaardeerde bevrediging op die leer van die vak volg.

As die onderwyser min entoesiasme vir die tweede taal toon of min belangstelling wek, sal die taal beswaarlik deur die leerlinge aangeleer word.

Toegepas op Suid-Afrikaanse toestande is dit vanselfsprekend dat waar die twee bevolkingselemente vyandig teenoor mekaar was, daar maar gedurig versteurende gevoelstoestande met die aanleer van die tweede taal gepaard gegaan het.

Nasionaliteit en liefde vir die kultuur is die sterkste waarborg dat 'n vreemde taal nie sal inslaan nie. Die moedertaal is aan die emosies vasgekoppel en as 'n vreemde taal dit bedreig, word die sentiment van liefde vir die eie taal des te sterker en kan 'n gevoel van afkeer vir die tweede taal ontwikkel word.

Die taal is ook die uitdrukking van die indiwidualiteit van 'n volk. 'n Poging om deur middel van 'n vreemde taal te denasionaliseer, is tot mislukking gedoem omdat dit die indiwidualiteit van die volk veronagsaam en omdat die volk se gevoel daardeur gaande gemaak word. Nog baie ingewikkelder word die taalstryd as dit bestaan tussen twee nasies wat vroeër teen mekaar geveg het. Tweetaligheid hoef nie onder alle omstandighede 'n nadelige invloed te hê nie. Waar dit egter met 'n vreemde taal te doen is, wat die nasionale en kultuurtaal moet verdring, kan die gevolge alleen nadelig wees.

(iii) 'n Vreemde medium bring ernstige nadele met hom mee. Dit werk stremmend op die verstandelike ontwikkeling van die kind. Hiervan moet egter nie afgelei word dat die aanleer van 'n vreemde taal as sodanig nadelig is nie. In die verlede is Latyn, bv. weens sy dissiplinêre waarde geleer. Die nuwe sielkunde aanvaar nie die beginsel van verstandsoefening of oefeningsoordrag nie. Sommige opvoedkundiges is van mening dat die aanleer van die vreemde taal geen nadelige gevolge op die verstandsontwikkeling kan hê nie (1). Hierdie vraagstuk is egter nog nie sielkundig eksperimenteel opgelos nie. Vir die slim kind mag die aanleer van die vreemde taal of die gebruik van 'n vreemde medium nie so moeilik as vir die dom kind wees nie. Die opvoedeling behoort geen formele onderrig in die vreemde taal te ontvang, voordat hy nie sy moedertaal goed magtig is nie. Die taal speel 'n belangrike rol by die dinkproses. Die assosiasies in 'n vreemde medium is nie helder omlyn nie.

'n Vreemde medium kan emosionele storinge veroorsaak. By die huis kry die kind liefde en respek vir sy eie taal maar op skool dring dit tot sy bewussyn deur dat sy eie taal minderwaardig beskou word. So ontstaan die gedenasionaliseerde tipe wat voorkeur aan 'n vreemde taal gee en so kan gedurig konflikte ontstaan.

Toegepas op Suid-Afrikaanse toestande is dit logies om af te lei dat die Afrikanerkind in die verlede geweldig baie moes ly as gevolg van die vreemde medium.

(1) Malherbe, E.G. : The Bilingual School.

(iv) Daar is nog geen eenstemmigheid onder gesaghebbendes omtrent die ouderdom waarby 'n begin met die aanleer van die tweede taal gemaak moet word nie. Een groep is van mening dat die tweede taal reeds op die eerste skooldag ingevoer moet word, met die oog op aktiewe beheersing van die taal en omdat die aanleer van die vreemde taal geen nadelige invloed op die verstandsontwikkeling het nie. Ander redes wat aangevoer word, is: (i) Hoe jonger die kind is, hoe makliker ontstaan die verbinding tussen beeld en beeldbenaming. (ii) 'n Taal word veral deur mondelinge nabootsing geleer. Hierdie aangebore vermoë om mondeling na te boots, verdwyn op tienjarige leeftyd, want na hierdie ouderdom is die kind meer sensitief en word hy tweetaligheidsbewus wat die aanleer skade berokken (1).

'n Tweede groep gesaghebbendes maak beswaar teen die invoer van die tweede taal op die eerste skooldag omdat dit die moedertaal skade sal aandoen, aangesien die proses van taalryping eers op ongeveer 10-jarige leeftyd bereik word. Ander besware is dat dit taalvermenging sal veroorsaak; dit kan lei tot swakheid van karakter as twee tale slordig aangeleer word. As die kind eers in die moedertaal bedrewe is, leer hy die tweede taal maklik aan. Hierdie groep is van mening dat die tweede taal op ongeveer 9-jarige ouderdom ingevoer moet word (2).

'n Derde groep huldig die teorie dat die tweede taal eers op 14-jarige leeftyd moet ingevoer word en dat dit dan deur grammatikale metodes aangeleer

(1) West M. : Bilingualism. Malherbe, E.G. : The Bilingual School.
(2) Ibid.

moet word (1).

Die hele kwessie hang myns insiens daarvan af watter doel met tweetaligheid in Suid-Afrika beoog word en watter mate van beheersing i.v.m. die tweede taal verlang word. Cilliè beweer dat omtrent niemaand die tweede taal soos die moedertaal sal kan besig nie. My mening is dat die doel nie moet wees om deeglik tweetaliges te vorm nie maar dat die klem op die tweede taal op die deeglike verstaan en lees daarvan moet val.

(v) Die vraag is of daar in Suid-Afrika enkel-, parallel- of dubbelmédiumskole moet wees. Dit is vandag 'n kontensieuse vraagstuk. Daar is voordele en nadele aan elkeen van die drie soorte skole verbonde. Opvoedkundig is daar baie voordele aan die enkelmediumskool verbonde. Enkele van die vernaamste voordele is dat daar geen onnodige kulturele stremming is nie. Die organisasie is makliker as die van enige ander skool. 'n Groter keuse van vakke kan aangebied word. Die personeel is meer verteenwoordigend van die ouers self.

Parallelmediumskole is skole waar parallelklasse bestaan. Die voordelé aan hierdie soort skole verbonde, is dat die opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys gehandhaaf word; die kinders van die twee rasse word nie in twee aparte kampe afgeskei nie en het die geleentheid om vryelik te meng. Die opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys word gehandhaaf. Vanuit 'n ekonomiese standpunt het die parallelmediumskole in dieselfde dorp die voordeel

(1) West, M. : Bilingualism.
Malherbe, E.G. ; The Bilingual School.

bo aparte enkelmediumskole. Die besware daarteen is dat waar Afrikaans- en Engelssprekende kinders baie ongelyk is, die een groep sal ly. Maatskaplike komplikasies is opvallend. Gebeurtenisse van geskiedkundige belang by een groep wek nie belang by die ander nie. Waar in een klas alles in 'n ander taal moet oorgesê word om 'n minderheid te help, ly altwee groepe opvoedkundig daaronder.

Dubbelmediumskole is skole wat net soos parallelmediumskole deur beide Engels- en Afrikaanssprekende kinders besoek word, maar hier neem albei seksies sommige vakke deur Afrikaansmedium en sommige deur Engelsmedium. Beide seksies is in dieselfde kamer.

Sommige opvoedkundiges beweer dat hier die tweetaligheidsbeginsel die suiwerste gehandhaaf word en dat kinders van die twee bevolkingselemente in intieme aanraking met mekaar in die klaskamer en moontlik op die speelterrein gebring word. Volgens die opvoedkundiges se beskouing is dit vanuit 'n nasionale oogpunt gesien baie gesond, want hulle leer mekaar ken en verstaan. Die vernaamste beswaar teen dubbelmediumskole is dat die opvoedkundige beginsel van moedertaalonderrig in die geval van sekere vakke oor die hoof gesien word.

Die hoofdoel van die skole in Suid-Afrika is myns insiens nie om mense tweetalig te maak nie, of die opsetlike by-mekaarbring van die twee rasse nie. Opvoeding sluit ook in geestelike, morele en sosiale ontwikkeling, en hierdie doel kan die beste verwesenlik word deur suiwer enkelmediumskole wat opvoedkundig - sielkundig en godsdiens - nasionaal die natuurlikste en gesondste vir beide blanke rasse is.

(vi) In 1906-1907 was Cilliè teen Afrikaans as voertaal op skool maar ten gunste van Nederlands. In 1917 het hy van sienswyse verander toe hy Afrikaans naas Nederlands as amptelike taal aangeneem het. Hierdie verandering was so geleidelik dat 'n mens sou gedink het dat Cilliè maar altyd ten gunste van Afrikaans as voertaal was. In verband met die taalstryd het Cilliè deur die jare heen ontsaglik veel tot die erkenning van Afrikaans as taal en voertaal op die skole bygedra. Waar dit Afrikaans as taal en medium dwarsdeur die hele skool gegeld het, het hy vir niemand een oomblik teruggedeins nie. „Moedertaalmedium is vir die Afrikaanssprekende kind eenvoudig 'n lewensvraag waarmee ons nie durf dobbel nie. En niemand sal ons dit kwalik neem nie. Dit is 'n eersgeboortereg" (1).

(vii) Al die opvattinge oor die tug kan in twee groot klasse gegroepeer word, nl. die wat as uitganspunt die leer van die erfsonde en die versoening van die mens met God aanvaar en die wat soos Rousseau glo dat die mens volmaak uit die hande van die Skepper kom (2).

Die moderne rigtings in die dissipline is die histories-christelike rigting, voorgestaan deur die Calvinistiese opvoedkunde en is teosentries van aard. Die uitgangspunt is dat God, die Skepper, almagtig en oppermagtig is en alleen Hy besit die absolute gesag.

Die naturalisties - humanistiese rigting is antroposentries omdat die uitgangspunt die mens is en die gesag by die mens berus.

Daar is verder die psigologiese rigting en hier word die kind as die uitgangspunt beskou.

Ten slotte is daar die sosiologiese rigting

(1) Meiring, J.C. : Die Huisgenoot 4 Julie 1947.
(2) Stoker, H.G. : Vryheid, drie lesings bls. 9.

waar die samelewing voorop gestel word. Met Dewey vooraan beoog dit die rekonstruksie van die ervaring, die reorganisasie van die ervaring deur sosiale aktiwiteit.

(viii) Die nuwe metode van opvoeding gee alle geleentheid vir die ontwikkeling van die indiwidualiteit van elke kind deur uit te gaan en rekening te hou met die indiwiduele aanleg, vermoëns, kragte en belangstelling van elke kind. Elke kind moet hom in sy doen en denke vry en spontaan ontwikkel.

By benadering van die tugvraagstuk moet 'n mens altyd in gedagte hou die uitgangspunt, nl. die kind en sy wese, die doelpunt en metode van alle opvoeding. Tug beoog die wilsvorming in die kind.

(ix) Sommige opvoedkundiges beskou tug as wraakneming, omdat die gesag van die onderwyser geskend word. Andere beskou tug as 'n waarskuwing teen herhaling van die oortreding deur die oortreder en deur andere. Tug word ook beskou as 'n middel om te voorkom en as voorbehoedmiddel. As die opvoeder sy doel met die tug wat hy wil toepas, wil behaal, moet hy elke kind, sy persoonlikheid, sy omstandigheid ken, want geen twee kinders kan op dieselfde wyse getug word nie, veral waar dit die toepassing van direkte tugmiddels betref. Kinders word dan gewoonlik volgens hul indiwidualiteit, hul persoonlikheid in verskillende klasse gedeel. Die soort tug wat vir die een goed is, doen meer kwaad as goed aan die ander. Daar is 'n klas kind waarvoor geen ander tug so doeltreffend is as liggaamlike straf nie.

(x) Wanneer die opvoeder as outoritatiewe persoon

liggaamlike straf moet toepas, moet hy dit op 'n humane wyse, sonder haat van sy kant af teenoor die oortreder, doen. Wanneer die onderwyser tug, moet hy die volgende in ag neem: Elke onderwyser behoort self te tug maar van Owerheidsweë is die opvoeder se regte beperk i.v.m. liggaamlike straf. 'n Klas as geheel moet nie vir die oortreding van die enkeling gestraf word nie (1). Die tugtiging van 'n kind mag ook nie die klasorde steur nie (2). Die onderwyser moet regverdig straf en die regte oortreder straf. Liggaamlike straf mag ook nie voor die hele klas plaasvind nie, veral as dit vir ernstige oortreding is. Straf vir 'n oortreding mag ook nie lank uitgestel word nie, maar moet spoedig daarop volg. Die kind wat gestraf word, moet oortuig wees dat hy die straf verdien. Tug moet op 'n onpersoonlike, objektiewe manier plaasvind. Liggaamlike straf moet ook die laaste toevlug wees, as ander middels tevergeefs probeer is. Myns insiens moet die meerderheid van kinders nie deur middel van die plak deur eksamens gedryf word nie, want so word nie karakter opgevoed nie. Die drilsersant is nie altyd die beste persoon om mense te dissiplineer nie.

(xi) Dit is jammer dat Cilliè nie meer omvattend i.v.m. die tugvraagstuk is nie. Hy gee sy sienswyse slegs i.v.m. liggaamlike straf en die toepassing daarvan. Daar is verskillende middele by die

(1) Colvin, S.S. : Morals in Evolution, bls. 125.

(2) Bagley, W. : School Discipline, bls. 9.

handhawing van tug, bv. die direkte en indirekte tugmiddel (1). Onder die direkte tugmiddele is daar, bv. straf met die oog en die woord, straf met die daad, natuurlike strawwe en straf deur middel van beloninge. By indirekte tug hang dit die meeste van die optrede van die onderwyser in sy klas af, sy persoonlikheid, sy metode en tegniek van onderwys, sy organisasie en die roetine wat hy volg. Hy moet ook die metodes van die buitenskoolse aktiwiteite in sy klaskamer aanwend. As 'n onderwyser orde in sy klas wil hê, moet hyself hard werk en die belangstelling van sy leerlinge gaande hou, en hulle tot selfwerksaamheid prikkel. As die leerlinge ook 'n sekere mate van verantwoordelikheid i.v.m. die ordelikheid en orde in hul klaskamer dra, sal die onderwyser baie minder moeilikheid i.v.m. dissipline, gehoorsaamheid en die tugvraagstuk hê.

(xii) Cilliè laat ook na om 'n indeling van oortredinge te gee. Oortredinge word gewoonlik in twee groepe verdeel, nl. volgens hul uiterlike openbaringsvorm, op verskillende manier onderverdeel, en tweedens min of meer volgens die klaarblyklike innerlike gesindheid en strewe van die kind of die klas.

Daar is ook verskillende oorsake van skooloortredinge, soos bv. fisiologiese oorsake, persoonlike en sosiale faktore (2). Voorgenoemde geld natuurlik vir die onderwyser sowel as vir die leerlinge.

(1) Colvin, S.S. : An Introduction to High School Teaching, bls. 61.

(2) Gutsche, C.E.W. : Opvoedkundige Straf, bls. 90.

(xiii) Toetse en eksamens dien as uitstekende middele om die kind tot ingespanne verstandelike arbeid te dwing, Wanneer die kind hom vir die eksamen voorberei, ontdek hy die gebreke in sy kennis, en bekwaamheid. Die eksamen stel die onderwyser weer in staat om uit te vind watter gebreke daar is en laasgenoemde wend dan remediale middele aan. Toetse en eksamens moet nie alleen as prikkels tot meer werksaamheid dien nie maar moet ook die kind voorberei om die verwerfde kennis te kan aanwend en toe te pas. Nieteenstaande die nadele aan eksamens verbonde, dien dit as uitstekende middel om kinders na 'n hoër standerd te bevorder.

Die doel van moderne eksamens is om vas te stel watter moeilikhede die kind in sy geestelike arbeid ondervind, hoeveel kennis hy verwerf het en die prestasie wat hy in die kennis behaal het. Toetse en eksamens moet kinders volgens hul kennis en bekwaamheid rangskik. Eksamens voorsien die onderwyser van die middel om die doeltreffendheid van sy onderrig te bepaal.

Toetse en eksamens kan op twee maniere gehou word, nl. deur vrae skriftelik of mondeling te beantwoord, Daar is ook nog geykte toetse en verstandstoetse wat die kennisontwikkeling van die kind wil vasstel. Laasgenoemde toetse word nie deur 'n onderwyser afgeneem nie aangesien hulle suiwer wetenskaplike middele is. Die geykte toetse word saamgestel en vasgestel vir elk van die skoolvakke of bedrywighede. Dit kan klassikaal gegee word.

Die praktiese onderwyser maak gebruik van die ou en die nuwe eksamen en hy moet goed tussen hulle onderskei. Die ou eksamen is gewoonlik langer of korter opstelle en meer skriftelike

werk word van die kind gëeis, terwyl die nuwe eksamen baie minder skriftelike werk van die kind verlang. Dit sou goed wees as die ou eksamen en die objektiewe metode van toets veral vir die laer standerds, behoue bly. Die objektiewe toets kan die veld beter dek as die ou eksamen maar dit is nie ewe goed vir alle vakke nie aangesien dit feitlik net feite meet. By die toepassing van die ou eksamen vind daar meer beredenering, verklaring, vergelyking en definiëring plaas as by die toepassing van die objektiewe toets.

Eksamenvrae moet duidelik, saaklik en ondubbelsinnig opgestel wees, sodat elke kind dit kan verstaan. Hulle moet aanpas by die rypheid van die leerlinge. Hulle moet die hoofpunte van die vak behels. Die vrae moet so geformuleer wees dat hulle net een regte antwoord verlang. Daar moet getrag word om die vrae op so 'n wyse te stel dat die waarheid of onwaarheid van die stelling nie deur die metode van die vraag geopenbaar sal word nie. Elke toetsitem moet onderskeidende krag besit, want die funksie van alle meting is om te onderskei. Die vrae moet so gegradeer word dat daar baie maklike en baie moeilike vrae is. Dit is wenslik om die vrae in stygende rang van moeilikheid te rangskik. Die swakste kandidaat moet ook die geleentheid hê om te kan presteer en die beste moet nie volpunte behaal nie.

By die nasien van die skrifte moet die onderwyser noukeurig, betroubaar, en objektief te werk gaan. Die resultate van die nasienwerk moet grafies voorgestel word om te sien of hulle min of meer normaal versprei is.

Ek glo saam met Cilliè dat eksamens nie op sigself so 'n euwel is nie, maar wanneer eksamens 'n doel op sigself is, word dit tyd dat daarmee weggedoen word. Dit gaan hier oor wat nou werklik met die eksamens beoog word. As die eksamenmanie tot wanordelike onderwyspraktyk lei, is dit hoog tyd dat daaraan 'n einde gemaak word. Alle euwels i.v.m. eksamens ontstaan as gevolg van die oordrywing van eksamens.

(xiv) 'n Oordrewe indiwiduele inspeksiestelsel is myns insiens af te keur, want dit veroorsaak oorlading teen die end van die jaar en senu-inspanning wat altyd sy nadelige invloed op die gesondheid van die kinders het.

Die werk van die inspekteur behoort te wees om te kyk of die kind verstandelik en geestelik volgens die beste metodes van onderwys ontwikkel en of orde en tug gehandhaaf word.

Binne sy werk ressorteer dan alle skooladministrasie, leervakke, skoolorganisasie en dissipline. Verder rapporteer hy oor skoolgebou, terrein, meublement en uitrusting. Vir die eksamens en bevordering van leerlinge in die laerskool behoort die skoolhoof saam met die betrokke leerkrag die meeste verantwoordelikheid te dra met die hulp van die inspekteur as moderator. Die moderne inspekteur is dan 'n toesighouer en superintendent. Hy moet nie probeer foute soek nie, maar leiding en raad gee.

(xv) Skoolwerk bestaan in die reël uit die voorbereiding tuis deur die leerlinge van die inhoud van die lesse, die verwerking of toepassing van wat in die skool onderrig en geleer word, en die skrywe van opstelle en briewe. Die gee van skoolwerk deur elke leerkrag,

veral op die middelbare skool, behoort deur die skoolhoof gekontroleer te word, sodat die nadele van skoolwerk uitgeskakel word.

Persoonlik glo ek saam met Cilliè in 'n matige hoeveelheid skoolwerk wat sorgvuldig en simpatiek nagesien en behandel moet word. Feitlik geen skoolwerk, seker niks skriftelik nie, behoort tot en met std. III gegee te word nie en daarby moet ook baie versigtig gehandel word deur liewer te min as te veel te gee.

(xvi) Slordige praat of slordige taal is die openbaring of die uitvloeisel van slordig dink by 'n mens. Daar is, bv. diskursiewe en intuïtiewe denke van die een kant en induktiewe en deduktiewe denke aan die ander kant (1). Om die kind logies te leer dink, moet die onderwyser baie aandag aan die oefening van die leerling vanaf sy agste jaar in wetenskaplike denke gee. Voor die ouderdom van agt jaar is daar omtrent geen logiese denke by die kind nie (2). Die kind moet doelbewus geoefen word om probleme reg te leer. Die onderwyser moet veral aandag gee aan die keuse en die samestelling van die probleme wat deur die leerling opgelos moet word. Die opvoedeling moet ook ten volle met die beheer oor die feite vertroud wees. Baie belangriker as die versameling van feitekennis is die deurdenking daarvan.

(1) Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Empiriese Opvoedkunde bls. 160.
Symonds, P.M. : Education and the Psychology of Thinking bls. 191-197.
Woodworth, R. : Psychology bls. 468.
Dewey, J. : How we think? bls. 56.

(2) Symonds, P.M. : Education and the Psychology of Thinking bls. 241.

Die denk-metode by die onderwys is die metode van vraag - antwoord. Dit hou besonderlik rekening met die kindernatuur.

'n Ander metode van onderwys gee is deur middel van direkte, persoonlike aanskouing, waarby die kind die dinge wat onderrig word, met sy sintuie waarneem. Dit is 'n belangrike metode, want die kind lewe deur aanskouing.

Die opvoeder kan ook aan die kind die nodige kennis direk meedeel of vertel. Dit is ook 'n vername onderwysmetode, want kinders en veral jong kinders luister graag en neem in wat vertel word. Die metode is egter nie bevorderlik vir die inisiatief en selfwerksaamheid van die leerlinge nie. Die metode van onderwys om kinders 'n vraagstuk self te laat oplos, vind ook groot byval by die leerlinge, want hulle wil graag dinge self doen en uitvind.

Die handboekmetode en die studiemetode is minder goeie metodes by die onderrig van kinders.

By alle onderwys moet die belangstelling van die kinders gaande gehou word. Om dit te bewerkstellig sal die onderwyser allerlei middele moet aanwend. Hy sal die leerstof aanskoulik, toepaslik en begryplik moet maak, van die bekende na die onbekende, van die konkrete na die abstrakte, van die enkelvoudige na die saamgestelde en van die empiriese na die rasionele moet heenwerk. Die leerstof wat die onderwyser die kind onderrig, moet in die lewe funksioneer; daarom moet die opvoeder in sy onderrig prakties wees. Die leerstof moet die kind as skeppende wese tot groter skeppingsdade prikkel. Die kind sal die leerstof moet kan bewaar en reproduseer.

Die resitasie-metode word egter min in hedendaagse skole aangetref omdat dit nie uiting aan die skeppingsdrang en inisiatief van die leerlinge gee nie.

By die mededeling van kennis en vaardigheid sal die opvoeder maar gedurig moet herhaal en toepas, want „repetitio est mater studiorum."

Die onderwyser sal elke dag van sy lewe hom behoorlik moet voorberei en sy les deeglik beplan as hy goeie onderrig wil gee.

Ek onderskrywe Cilliè se sienswyse omtrent die „paplepelpedagogiek" waardeur alles vir die kind maklik gemaak word. Hierdie soort pedagogiek maak van die kind nie 'n selfstandige, selfdenkende wese nie.

Die toets of 'n metode van onderwys en opvoeding goed is, bly tog maar altyd of daardeur beter mense gevorm word en daarmee wil ek volstaan.